# Die Kerkorde

met

# Aanvullende Bepalinge

en

# Reglemente

vir gebruik in die

# Nederduits Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland

soos onderskeidelik vasgestel deur die

Algemene Sinode in Oktober 2023

en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland in Oktober 2025.

Gepubliseer op 1 Desember 2025.

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD Algemene Sinode ... vi

INLEIDING Sinode van Oos-Kaapland ... vii


## KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGS


**HOOFSTUK 1: DIE BELYDENIS, AARD EN ORDE VAN DIE KERK ... 10**

**HOOFSTUK 2: DIE AMPTE VAN DIE KERK ... 10**

2.1 Algemene bepalinge ... 10

2.2 Predikante, proponente, diensleraars en standplaasleraars ... 11

2.3 Ouderlinge en diakens ... 17

**HOOFSTUK 3: DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK ... 20**

3.1 Algemene bepalinge ... 20

3.2 Besondere bepalinge ... 22

3.2.1 Die Kerkraad ... 22

3.2.2 Die Ring ... 28

3.2.3 Die Sinode ... 33

3.2.4 Die Algemene Sinode ... 41

**HOOFSTUK 4: DIE ARBEID VAN DIE KERK ... 44**

4.1 Die openbare erediens ... 44

4.2 Die sakramente ... 45

4.3 Die jeugbediening ... 46

4.4 Die herderlike sorg ... 47

4.5 Gemeentebediening ... 48

4.6 Gestuurdheid (Missio Dei) ... 49

4.7 Diens van barmhartigheid ... 49

4.8 Die dienswerk van die gelowiges ... 49

4.9 Leer en aktuele sake ... 49

4.10 Rentmeesterskap ... 49

**HOOFSTUK 5: KERKLIKE OPSIG, TUG EN DISSIPLINE ... 50**

Doel en voorskrifte ... 50

Kerklike opsig en tug ... 50

Tugwaardige sondes ... 51

Lidmate, ampsdraers, gelegitimeerdes en werknemers ... 51

Kerklike dissipline ... 51

Tug- en dissiplinêre maatreëls ... 52

Appèl ........................................................................................................... 53
Opheffing van tug- en/of dissiplinêre maatreëls.................................................... 53
**HOOFSTUK 6: BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE ..................................... 54**
6.1 Kerk en staat .............................................................................................. 54
6.2 Kerk, maatskappy en vrye vereniging................................................................ 55
6.3 Kerk en onderwys.......................................................................................... 55
6.4 Kerk en ekumeniese betrekking ...................................................................... 55
6.5 Tussen-orde................................................................................................. 56

## REGLEMENTE

**REGLEMENTE: FUNKSIONERING VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND ........... 57**
Reglement 1: Ordereëls vir Kerkvergaderinge en Kommissies ................................ 57
Reglement 2: Reglement vir die Gemeentelike Kerkkantoor .................................. 69
Reglement 3: Reglement vir Ringswerksaamhede ................................................. 71
Reglement 4: Reglement vir die Sinodale Kantoor.................................................. 73
Reglement 5: Reglement vir die Sinodale Fondsekommissie.................................. 75
Reglement 6: Reglement vir Kerklike Fondse ........................................................ 76
Reglement 7: Reglement vir die Sinodale Regskommissie ..................................... 80
Reglement 8: Reglement vir die Aktuarius ............................................................ 82
Reglement 9: Reglement vir die Hantering van Argief en Museummateriaal............ 83
Reglement 10: Reglement vir die Hantering van Registers .................................... 90
**REGLEMENTE VAN DIE ALGEMENE SINODE .................................................. 104**
**REGLEMENTE : PREDIKANTE ......................................................................... 104**
Reglement 10: Opleiding en Legitimasie van Predikante, Diensleraars en Standplaasleraars ........................................................................................... 104
Reglement 11: Bevoegdheid van Predikante, Diensleraars, Standplaasleraars, Proponente en Emeriti.......................................................................................... 118
Reglement 12: Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante, Diensleraars en Standplaasleraars ............................................................... 132
Reglement 13: Voltydse Predikantsposte ............................................................ 146
Reglement 14: Deeltydse Predikantsposte ........................................................... 149
Reglement 15: Tentmakerposte .......................................................................... 152
Reglement 16: Vastetermyn Predikantspos .......................................................... 154
Reglement 17: Brugbediening.............................................................................. 158
Reglement 18: Standplaas- en Diensleraarsposte ................................................ 161
Reglement 19: Gekoppelde Predikantspos........................................................... 164

Reglement 20: Die Verlof van Predikante en Diensleraars ..................................... 166

**REGLEMENTE: TUG EN DISSIPLINE ................................................................ 170**

Reglement 21: Die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante / Diensleraars by Ongeskiktheid en Onvermoë ........................................................................ 170

Reglement 22: Kerklike Tug en Vermaning ....................................................... 177

**REGLEMENTE: APPÈL EN BESWAAR.............................................................. 191**

Reglement 23: Hersiening (Revisie), Appèl, Gravamen (Beswaarskrif) en Prosedurele Beswaar............................................................................. 191

**REGLEMENT: KERKLIKE GOEDERE ................................................................ 200**

Reglement 24: Kerklike Goedere ........................................................................ 200

**REGLEMENTE: GEMEENTES ........................................................................ 213**

Reglement 25: Gestuurdheid van die NG Kerk ..................................................... 213

Reglement 26: Die Verhouding tot Ander Kerk en Groepe.......................................... 220

Reglement 27: Die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes ........................................................................................ 233

## VORMS VIR KERKLIKE GEBRUIK

Vorm 1 en 2: Doopseel ................................................................................ 242

Vorm 3: Attestaat......................................................................................... 243

Vorm 4: Reisattestaat / Transit Attestation........................................................ 244

Vorm 5: Bewys van lidmaatskap.......................................................................... 245

Vorm 6: Verklaring vir ondertekening deur lidmate van ander kerkgenootskappe ... 246

Vorm 7: Verklaring insake lidmaatskap.................................................................247

Vorm 8: Aansoek om wysiging of laat inskrywing in die Doopregister..................... 248

Vorm 9: Aansoek om wysiging of laat inskrywing in die Lidmaatregister ................ 250

Vorm 10: Akte van Bevestiging ........................................................................ 252

Vorm 11: Akte van Demissie.............................................................................. 253

Vorm 12: Akte van Demissie by Emeritaat........................................................... 254

Vorm 13: Geloofsbrief vir Ring en Sinode........................................................... 255

Vorm 14: Vorm vir die oproep van aangeklaagdes ................................................ 256

Vorm 15: Vorm vir die oproep van getuies.......................................................... 257

Vorm 16: Konsepooreenkoms vir gebruik deur kerkrade binne die familie van NG Kerke ingeval van gelyktydige diens van die leraar in twee gemeentes ............. 258

## RIGLYNE WAT KERKORDE ARTIKELS EN REGLEMENTE AANVUL EN TOELIG


1. Beginsels, Besluite, Riglyne en Handleidings ............................................... 259
2. Riglyne vir Beroepsbrief [ Vergelyk die Kerkorde, Artikel 7 (nou Artikel 8)] ........ 260
3. Riglyne vir Bediening in Buitengewone Omstandighede ................................ 260
4. Riglyne vir Bedienaars (Ouderlinge en Diakens met Bevoegdheid) ................. 260
5. Riglyne vir Predikant Aftreeouderdom na 65 jaar ........................................... 261
6. Riglyne vir die Doop van 'n Kind Ouer as Sewe ............................................. 261
7. Riglyne vir die Bediening van die Nagmaal buite die Erediens ......................... 262
8. Riglyne vir Praktiese Hantering van Lidmaatskap .......................................... 262
9. Riglyne vir Vergoeding aan Werkgewers ....................................................... 263
10. Riglyne vir Telefoon- / Elektroniese Vergaderings en Stemwyses ..................... 264
11. Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Verskille ............................................. 265
12. Riglyne vir die Hantering van Argief- en Museummateriaal.............................. 265
13. Riglyn vir die Hantering van Register Seksuele Misbruik / Wangedrag.............. 266
14. Riglyne vir die Ontwikkeling van Nuwe Geloofsgemeenskappe en (Kern)gemeentes .......................................................................................... 271


## TUSSEN-ORDE


Tussen-Orde ...................................................................................................... 282


## GEDRAGSKODE VIR PREDIKANTE VAN DIE NG KERK


Gedragskode vir Predikante van die NG Kerk ...................................................... 292


## BESLUITE WAT KERKORDE ARTIKELS EN REGLEMENTE AANVUL EN TOELIG


**DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK ...................................................... 297**

1. Bybel ............................................................................................................ 297
2. Geloofswaarhede ........................................................................................... 299
3. Belydenis van Belhar...................................................................................... 299

**DIE AMPTE VAN DIE KERK ............................................................................ 299**

4. Beroepbaarheid van Predikante binne die Familie van NG Kerke .................... 299

**DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK** .......... **300**
5. NG Kerkseel .......... 300
**DIE SAKRAMENTE** .......... **300**
6. Doop .......... 300
7. Doop en Nagmaal: Samehang van die Sakramente in Verbonds-Teologiese Perspektief .......... 305
8. Nagmaal .......... 305
**DIE ARBEID VAN DIE KERK** .......... **307**
9. Kerklied .......... 307
10. Outeursreg en Sangbundels .......... 308
**BETREKKING VAN DIE KERK NA BUITE** .......... **308**
11. Kerkhereniging .......... 308
**AKTUELE EN ETIESE SAKE** .......... **311**
12. Bediening van Bevryding .......... 311
13. Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling .......... 313
14. Selfdegeslagverbintenisse .......... 315
15. Huwelik en Saamwoon .......... 319
**A TOT Z-BELEID** .......... **321**

# Voorwoord - Algemene Sinode

'n Kerkorde is die beliggaming van die belydenis dat Jesus Christus self sy gemeente direk en persoonlik regeer deur sy Woord en sy Gees. Dit gee uitdrukking aan die feit dat Hy vir hierdie doel die volgende gebruik:

- die besondere ampte (hoofstuk 2);
- die verskillende vergaderings – die ampte in 'n kerkraad, die gemeentes in rings- en sinodale verband, en die sinodes in algemene sinodale verband (hoofstuk 3);
- die gemeentelike werksaamhede – erediens, sakramentbediening, barmhartigheidsbediening, jeugbediening, ens. (hoofstuk 4);
- die kerklike dissipline (hoofstuk 5);
- die kerk in verhouding met ander samelewingsverbande (hoofstuk 6).

Hoofstuk 1 anker die NG Kerk in dié Woord waardeur Christus regeer, en wat ons in ooreenstemming daarmee glo; verwoord ons verstaan van ons Godgegewe plek en rol in dié samelewing waarin ons kerk is; en die funksie en aard van ons kerklike ordening. Deur Jesus Christus se regering word sy gemeentes opgebou en uitgestuur om die Goeie Nuus uit te dra dat Hy die Verlosser, Hoop en Koning van die wêreld is, ook van Suid- Afrika in die eerste kwart van die 21e eeu.

'n Goeie kerkorde behoort dus altyd kontekstueel bruikbaar te wees, terwyl dit vashou aan die teologiese struktuur wat vir die Christus-regering optimaal ruimte gee. Daarom is daar artikels, reglemente en besluite wat nuut geformuleer en anders verwoord is in vergelyking met die vorige een (en alle voriges), terwyl die hoofstukindeling sedert 1962 dieselfde bly. Dit pretendeer nie om volmaak te wees en vir elke situasie voorsiening te maak nie. Dit word egter aangebied as 'n eerlike poging van Algemene Sinode 2023 om die ruimte oop te hou vir Christus om direk deur sy Woord en sy Gees in sy gemeentes en die verskillende gestaltes van kerkverband te regeer.

Ons gebed is dat dit daarom in die huidige landskap 'n betroubare roetekaart sal wees sodat die Goeie Nuus vrylik in Suidelike Afrika en elke ander plek waar daar 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente is, sal versprei en grondvat.

Vergun my 'n besondere dankwoord aan die Dagbestuur van die ATR, by name dr. Dewyk Ungerer, di. Charl Stander en Christo Weideman vir baie harde werk om goed deurdagte veranderings aan Kerkorde-artikels en reglemente by Algemene Sinode 2023 aan te beveel, en om hierdie dokument persklaar te maak. Die waardevolle kommentaar en insette van die hele ATR-span, in besonder ds. Pieter Swanepoel, verdien spesiale vermelding.

Dr. Bertus Celliers
Voorsitter: Algemene Taakspan Regte

# Inleiding - Sinode van Oos-Kaapland

Die Sinode sou kon volstaan met die Kerkorde as die riglyn vir hoe in die Kerk gehandel moet word. Uit die praktyk blyk dit egter te vaag te wees vir talle konkrete situasies wat in die gemeentes, ringe en by die Sinode ontstaan. Daarom word daar bepalinge en reglemente opgestel sodat die beginsels van die Kerkorde meer praktiese waarde verkry.

Die gevaar by die Bepalinge en Reglemente is tweeledig. Aan die een kant kan dit wetties word. Dan raak dit so ingewikkeld en riskant dat die meeste leraars en kerkrade wegskram van die gebruik daarvan. Aan die ander kant kan dit so algemeen bly dat dit nie in praktiese situasies grondvat nie.

Indien die Bepalinge en Reglemente egter weer vir elke praktiese situasie voorsiening probeer maak, is daar 'n hele aantal voorskrifte wat nie in 'n bepaalde gemeente van toepassing is nie. Dan moet die kerkraad besluit watter bepalinge vir hom geld en watter kan hy ignoreer. Die gevolg hiervan is dat die Bepalinge en Reglemente dan relatief raak en sy gesag inboet.

Die formaat waarin hierdie weergawe gegiet is, is 'n poging om by die gevare en probleme verby te kom. Elke kategorie het 'n eie funksie en moet daarvolgens aangewend word. So kan die Bepalinge nie fungeer sonder die Artikels van die Kerkorde nie en probeer dit nie in die plek daarvan kom nie. Die twee moet saam gelees word. Ter verduideliking geld dan die volgende:

Die **Artikels** is die Kerkorde van die Algemene Sinode en stel die beginsels waarvolgens die orde in die NG Kerk gehandhaaf word. Die **Bepalinge** is die Sinode se uitwerk van die Kerkorde sodat dit uitgevoer kan word in die sinodale gebied. Elke lidmaat en kerkvergadering is gebind aan die Kerkorde (Artikels) en Bepalinge.

Die **Aantekeninge** is 'n praktiese weg waarlangs uitvoering aan die Artikel en Bepalings gegee kan word, maar is nie die enigste moontlikheid nie. Die **aantekeninge** kan dus gebruik word as **'n handleiding by die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente** sonder dat dit die bindende gesag van eersgenoemde het. Die aantekeninge gee dan ook die ruimte om soms 'n verduideliking of kommentaar by die artikel en bepaling te voeg.

Die **Reglemente is Bepalinge** wat rondom 'n onderwerp, funksie of amp saamgevoeg is om dit makliker te vind. Reglemente het dieselfde bindingsgesag as die Bepalinge. Verwysings na Reglemente van die Algemene Sinode word met AS voor die reglementnommer aangedui, andersins verwys dit na reglemente van die Sinode van Oos-Kaapland.

Goedgekeur en onderteken deur die Sinodale Kommissie op
20 November 2025

Ds Jan Grobbelaar (Aktuarius)

## Bepaling 13

## Die lewensonderhoud van predikante

13.1 Die vergoeding van predikante word onderhandel met verrekening van die riglyn wat jaarliks deur die Taakspan van die Algemene Sinode aanbeveel word, soos gepubliseer deur die NG Kerk in Oos-Kaapland, en sluit onder andere die volgende in:

13.1.1 Lewensonderhoud volgens riglyne van die traktementskaal;

13.1.2 'n motor- of vervoertoelaag met die Oos-Kaaplandse sinodale besluit as riglyn;

13.1.3 Gratis behuising van 'n pastorie waarop die predikant aan die hand van SAID-formule belas word, of 'n behuisingsubsidie wat onderhandel word;

13.1.4 'n kommunikasietoelaag;

13.1.5 die instandhouding van die werkgewersbydrae tot die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika deur die kerkraad ten behoewe van die predikant; en

13.1.6 die betaling van 50% van die premie van 'n mediese fonds.

> ***Aantekening***
>
> *Diensleraars skakel in by die Amptenare en Diensleraars Voorsorgfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika.*
>
> *Die pakket kan na behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan ter saaklike wetgewing en sinodale besluite gestruktureer word.*
>
> *Die Sinode verplig alle predikante in die sinodale gebied om aan 'n mediese fonds te behoort.*

**13.2 Vervoerkoste**

13.2.1 Die gemeente wat beroep het, sorg vir die vervoer van die beroepene se goedere.

**13.4 Verlof van predikante**

Sien Reglement AS20.

## Artikel 14

14.1 'n Predikant, diensleraar of standplaasleraar emeriteer op die ouderdom soos deur die Algemene Sinode bepaal[11].

14.2 'n Predikant, diensleraar of standplaasleraar wat weens verswakte gesondheid, ouderdom of andersins uit die diens tree en daarvoor kwalifiseer, ontvang die voordele volgens die bepalinge van die betrokke pensioenfonds.

14.3 'n Emeritus ouer as die voorgeskrewe aftreeouderdom kan, met goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak beroep word[12].

14.4 'n Emeritus wat weens verswakte gesondheid geëmeriteer het, moet eers weer beroepbaar gestel word deur die Algemene Taakspan Predikantesake nadat skriftelik

[11] Vergelyk *Riglyn 5: Predikant: aftreeouderdom*.

[12] Vergelyk *Reglement 16 vir Vastetermynpredikantsposte*, punt 4.

aansoek gedoen is by die Algemene Taakspan Predikantesake. Hierdie aansoek moet vergesel wees van:

14.4.1 'n toepaslike mediese sertifikaat en

14.4.2 aanbeveling van die ring.

14.5 Emeriti jonger as die voorgeskrewe aftreeouderdom mag in enige predikantspos beroep word.

## Bepaling 14

## Emeritering, bedanking of afsterwe van 'n predikant

### 14.1 Die verlening van demissie by emeritering

14.1.1 By emeritering word demissie deur beide die kerkraad en die ring verleen na skriftelike aansoek by beide en die afkondiging daarvan op twee opeenvolgende Sondae in die gemeente.

> ***Aantekening***
>
> *1 Die aansoek behoort minstens drie maande voor beoogde emeritering by die ringskriba/Pensioenkantoor ingehandig te word.*
>
> *2 Dieselfde prosedure geld vir 'n predikant wat uit die gemeente bedank nadat hy/sy by die Algemene Taakspan Predikantesake verlof tot die behoud van sy/haar bevoegdheid verkry het.*
>
> *3 In geval van beswaar kan die ringskommissie voorlopig demissie weier en verslag doen aan die eersvolgende vergadering van die ring wat na bevinding van sake handel.*
>
> *4 Indien 'n emeritus sy/haar aanstelling as huweliksbevestiger wil behou, moet sy/haar aansoek en nuwe adres die kennisgewing vergesel.*

### 14.2 Afsterwe van 'n predikant

**14.2.1** Die kerkraad gee dadelik kennis aan die konsulent indien daar nie 'n medepredikant is nie.

**14.2.2** Wanneer 'n predikant/diensleraar/standplaasleraar wat in diens van 'n gemeente staan te sterwe kom, is sy/haar huweliksmaat en afhanklike kinders geregtig op die volledige vergoedingspakket totdat die pensioenvoordele uitbetaal, met 'n maksimum van drie maande (reistoelae uitgesluit), asook drie maande behuisingsvoordele.

Bogenoemde reëlings is ook van toepassing in geval van die afsterwe van predikante in diens van die kerkverband.

> ***Aantekening***
>
> *Indien hy/sy 'n eie huis bewoon en toelae ontvang, ontvang die eggenoot en/of afhanklike kinders dit vir drie maande na sy/haar dood.*

### 14.3 Predikante Pensioenfonds

Elke kerkraad wat 'n predikant beroep of sinodale kommissies wat predikante benoem, is verplig om voorsiening te maak vir pensioenvoorregte volgens die Reëls van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika.

## 2.3 Ouderlinge en diakens

## Artikel 15

15.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging hulle instemming met die belydenis van die kerk en die *Kerkorde*.

15.2 Daar behoort 'n gereelde wisseling van ouderlinge en diakens te wees. Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël.

## Bepaling 15

## Die verkiesing van kerkraadslede

15.1 Tot ouderlinge en diakens word verkies die toegewydste en kundigste lidmate van die gemeente.

> ***Aantekening***
>
> *Daar word gepoog om so af te wissel dat die meeste lidmate moontlik die geleentheid het om as kerkraadslede te dien.*

15.2 Kerkraadslede word verkies deur 'n gekonstitueerde kerkraadsvergadering behalwe wanneer die stigtingsvergadering van 'n afgestigte gemeente die kerkraadslede verkies.

> ***Aantekening***
>
> *Die byeenroeping en afkondiging van 'n gewone en buitengewone kerkraads-vergadering word behandel in Artikel 28.3 en Bepaling 27.2.1, en die verkiesing van kerkraadslede in 'n nuwe gemeente in Reglement AS27.1.1.7.*

### 15.3 Die prosedure

15.3.1 Elke stemming geskied met geslote stembriewe.

15.3.2 Eers word 'n groslys gevorm deurdat elke stemgeregtigde nie meer name op een stembrief plaas as die getal persone wat gekies moet word nie.

> ***Aantekening***
>
> *Indien die kerkraad van 'n kommissie van pre-advies gebruik maak, verhinder dit nie lede om name op die groslys te plaas nie.*

15.3.3 Hierdie groslys word gesuiwer volgens Bepaling 15.1. Daarna kan die voorsitter nie-propagandistiese inligting in verband met die genomineerdes verstrek.

> ***Aantekening***
>
> *Die mededeling van inligting moet positief, saaklik, beheers en tot feite beperk wees.*

15.3.4 Uit hierdie groslys word vir die vereiste aantal ouderlinge of diakens gestem.

> ***Aantekening***
>
> *1 Indien daar nie genoeg name op die groslys is om 'n keuse tussen persone te maak nie, word die keuse uitgeoefen deur vir elke naam "Ja" of "Nee" te stem.*
>
> *2 Slegs met die verlof van die vergadering mag 'n lid buite stemming bly (vgl. Reglement 1 punt 8.3). Dan word die volstrekte meerderheid bepaal deur die getal stemme wat uitgebring is.*

15.3.5 Word die volstrekte meerderheid nie by hierdie stemming verkry nie, vind daar 'n nuwe stemming plaas uit die name op die groslys wat die meeste stemme verkry het en saam 'n volstrekte meerderheid van stemme op hulle verenig het.

15.3.6 Kry twee of meer name 'n gelyke aantal stemme sodat meer name verkry is as wat vereis word, word die benodigde aantal name deur herstemming gevind. As die stemme staak, beslis die lot na aanroeping van die Naam van die Here.

> ***Aantekening***
>
> *By die verkiesing van kerkraadslede vir nuut afgestigte gemeentes word gehandel volgens Reglement AS27.*

15.4 Kennisgewing van die verkiesing geskied skriftelik en sonder versuim aan die verkosenes.

> ***Aantekening***
>
> *Daar moet op gelet word dat die verkiesing nie geldig is voordat die goedkeuring van die gemeente verkry is nie. Gemeentes volg gewoonlik een van twee prosedures:*
>
> *a) Die kennisgewing meld dat die verkiesing onderworpe is aan die goedkeuring van die gemeente; of*
>
> *b) 'n Aanvanklike mondelinge kennisgewing word na die tweede afkondiging opgevolg met die amptelike skriftelike kennisgewing.*

15.5 Die verkosenes reageer binne agt dae na die tweede afkondiging skriftelik op die verkiesing.

15.6 Skriftelike beswaar kan by die voorsitter van die kerkraad gemaak word teen een of meer van die verkosenes deur enige ongesensureerde lidmaat voor of op die dag van die tweede afkondiging.

> ***Aantekening***
>
> *1 By ontvangs van die beswaar belê die voorsitter so spoedig moontlik 'n kerkraadsvergadering of verwys die beswaar na die kerkraad se gevolmagtigde kommissie om die beswaar te oorweeg.*
>
> *2 Bevind die kerkraad of sy gevolmagtigde die beswaar ongegrond, vind die bevestiging plaas (tensy die beswaarde hom/haar op die ring beroep).*
>
> *3 Bevind die kerkraad die beswaar gegrond, verval die verkiesing van die betrokke persoon en word so gou moontlik 'n ander in sy/ haar plek gekies.*
>
> *4 Is die besware van so 'n aard, word verder gehandel volgens die voorskrifte van die tug.*

15.7 Die bevestiging vind slegs plaas indien die lidmaatskap van die verkosene in die register ingeskryf is.

> ***Aantekening***
>
> *1 Die bevestiging geskied so gou moontlik op versoek van die kerkraad deur iemand wat kragtens Reglement AS11.2 die bevoegdheid daartoe het.*
>
> *2 Dienende kerkraadslede bly in diens totdat hulle opvolgers bevestig is tensy die kerkraad 'n bedanking onvoorwaardelik aanvaar.*
>
> *3 Herkose kerkraadslede word weer bevestig vir die nuwe termyn.*

15.8 Die dienstermyn van 'n kerkraadslid is twee opeenvolgende jare tensy anders besluit deur die kerkraad.

> ***Aantekening***
>
> *1 Indien 'n diaken tot ouderling (of andersom) verkies word voordat sy/haar termyn verstryk het en hy/sy dit aanvaar, word hy/sy vir 'n nuwe termyn bevestig.*
>
> *2 Die termyn van 'n plaasvervanger word deur die kerkraad bepaal. Elke verkosene word vir sy/haar eie termyn bevestig.*

15.9 Om die balans te behou tussen die getal kerkraadslede wat aftree en die getal wat na die volgende jaar aanbly, kan kerkrade met toestemming van die ring 'n aantal lede vir 'n termyn van een jaar verkies.

15.10 Alle vakatures word so spoedig moontlik gevul.

## Artikel 16

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, versorging, bestuur en toesig, en omvat:

16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

16.1.2 die regering van die gemeente;

16.1.3 die doen van huisbesoek;

16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;

16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;

16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;

16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;

16.1.8 die lei van eredienste waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning gegee het[13];

16.1.9 dissipelskap en

16.1.10 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van artikel 16.1.

16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van artikel 16.1.1 tot 16.1.10 van die *Kerkorde* die bedienings-verantwoordelikheid van elke ouderling.

---

[13] Vergelyk Artikel 48.3.5 van die *Kerkorde* en Riglyn 4: *Riglyne vir Bedienaars (Ouderlinge en Diakens met Bevoegdheid)*.

*aan die opsig en tug van die gemeente te onderwerp. Die gemeente is nie verplig om so 'n aansoek te aanvaar nie.*

*e) Indien laasgenoemde kerkraad besluit om die lidmaat wel te aanvaar, stel hy die oorspronklike gemeente skriftelik daarvan in kennis dat hy die aansoek aanvaar het en dat hy, by ontvangs van die lidmaat se attestaat/bewys van lidmaatskap volle verantwoordelikheid van die lidmaat se versorging sal aanvaar.*

*3 Gemeentes en kerkrade weerhou hulle daarvan om lidmate binne ander gemeentes se grense te werf (AS 1994).*

26.2.2 die dooplidmate;

***Aantekening***

*Dooplidmate wie se ouers lidmate van die gemeente is en ander dooplidmate wie se domisilie in die gemeente is tel tot die gemeente (sien Bepaling 50 Aantekening 1 en 2).*

26.2.3 die nog ongedoopte kinders van belydende lidmate wat kragtens die verbond van God in betrekking tot die gemeente staan.

### 26.3 Lidmaatskap van die gemeente verval wanneer:

26.3.1 iemand van die gemeente afgesny word deur middel van die tug;

***Aantekening***

*Indien die kerkraad oordeel dat iemand hom/haar deur woord en daad duidelik van die Kerk afskei, moet die saak eers ondersoek word.*

26.3.2 iemand die betrekking met die Kerk skriftelik opsê;

26.3.3 iemand in teenwoordigheid van twee kerkraadslede mondeling bevestig dat hy/sy die verband met die Kerk verbreek het en dit deur die kerkraad bekragtig is.

26.4 Die kerkraad verklaar die lidmaatskap van sodanige persone formeel as vervalle, doen 'n afkondiging daaroor by die erediens en laat dit in die lidmateregister aanteken.

26.5 Lidmaatskap van 'n lidmaat wat vertrek het, verval in daardie gemeente sodra hy/sy uit die gemeente verhuis en word hy/sy lidmaat van die gemeente waar hy/sy hom/haar gevestig het.

***Aantekening***

*Vgl Reglement AS26 vir die oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke.*

26.5.1 Totdat sy/haar bewys van lidmaatskap ingehandig en aanvaar is, geniet hy/sy geen lidmaatsregte in die nuwe gemeente nie. Die kerkraad is egter kragtens die kerkverband geroep om amptelike sorg aan hom/haar te bestee.

26.5.2 Indien 'n lidmaat versuim om binne ses maande sy/haar attestaat of bewys van lidmaatskap in te handig, het die kerkraad die reg om sy/haar bewys van lidmaatskap aan te vra.

26.6 Die attestaat (Vorm 3) word op sy/haar aanvraag uitgereik aan 'n belydende lidmaat deur die kerkraad of 'n kommissie van die kerkraad binne ses maande na sy/haar vertrek uit die gemeente.

***Aantekening***

*1 Sodanige attestaat moet binne drie maande na uitreiking ingelewer word, anders verloor dit sy geldigheid (AS 1974).*

*2 'n Duplikaat van die attestaat moet as duplikaat gemerk word.*

*3 Die aandag van lidmate moet van tyd tot tyd by wyse van aankondiging op die tydsgeldigheid van 'n attestaat gevestig word, asook op die feit dat 'n lidmaat geen lidmaatregte kan uitoefen alvorens sy of haar attestaat ingedien is nie (AS 1974).*

26.6.1 Reisattestate (Vorm 4) kan op aansoek van lidmate wat nie onder tug staan nie en in die buiteland op reis gaan aan hulle uitgereik word.

26.7 'n Bewys van lidmaatskap (Vorm 5) word uitgereik wanneer die lidmaat langer as ses maande uit die gemeente vertrek het of waar besware bestaan teen die uitreiking van 'n attestaat.

***Aantekening***

*1 'n Duplikaat moet duidelik so gemerk word.*

*2 Dit is wenslik dat bewyse van lidmaatskap direk aan kerkrade gestuur word en nie aan persone afgegee word nie.*

*3 'n Bewys van lidmaatskap wat ouer is as ses maande na uitreiking, of wat langer as ses maande na die vertrek van die persoon uit die gemeente uitgereik word, behoort nie aanvaar te word sonder 'n behoorlike ondersoek deur die kerkraad nie (AS 1974).*

26.7.1 Indien 'n **vertrekkende lidmaat** onder tug is of 'n tugsaak teen hom/haar ondersoek word, word 'n attestaat nie uitgereik nie maar 'n bewys van lidmaatskap met 'n begeleidende brief aan die kerkraad oor die omstandighede.

***Aantekening***

*Indien iemand hom/haar nie aan die kerklike tug onderwerp nie onder die voorwendsel dat sy/haar lidmaatskap nog nie by die gemeente is nie, vra die kerkraad dit aan vanaf die gemeente waar dit ingehandig is en gaan na ontvangs daarvan voort met die tughandeling.*

26.7.2 Indien 'n lidmaat hom/haar van die gemeente afskei ten einde tug te ontduik, ondersoek die kerkraad die saak en indien hy/sy skuldig is, word dit aan die gemeente bekend gemaak dat hy/sy hom/ haar skuldig gemaak het en die kerk verlaat het. Dit word ook so in die lidmateregister aangeteken.

26.7.3 In geval van kerkverlating word slegs 'n verklaring insake lidmaatskap (Vorm 7) aan die betrokkene gegee, en afkondiging daarvan geskied by 'n erediens (AS 1974).

26.7.4 In geval van afstigting gee die betrokke kerkraad(e) 'n saamgestelde attestaat of lidmaatsertifikaat so gou moontlik aan die nuwe gemeente.

***Aantekening***

*Dit is 'n volledige lys van al die lidmate wat tot nog toe aan die gemeente behoort het en nou binne die grense van die nuwe gemeente is.*

## Artikel 27

27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gedesentraliseerde kerkrade[17] duidelik omskrewe bevoegdhede gee wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.

27.2 Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde, mag die ouderlinge en diakens gereeld afsonderlik vergader.

## Bepaling 27

## Vergadering en werksaamhede vir die kerkraad

### 27.1 Samestelling

27.1.1 Die kerkraad word saamgestel uit minstens een predikant, drie ouderlinge en drie diakens. Waar meer predikante in 'n gemeente is, moet daar minstens twee maal soveel ouderlinge as predikante wees.

> ***Aantekening***
>
> *1 Die kerkraad kan sy getal uitbrei deur die toevoeging van ouderlinge en/of diakens.*
>
> *2 Die kerkraad kan bevoegde lidmate nooi om adviserend sitting op vergaderings te neem tydens die behandeling van sake, met uitsondering van sake rakende tug of geskil.*

27.1.2 Indien 'n gemeente minder as 100 belydende lidmate het, word die kerkraad saamgestel uit die plaaslike predikant, met ten minste twee ouderlinge en twee diakens. Waar die predikantspos vakant is, woon 'n predikant deur die ring daartoe aangewys kerkraadsvergaderings by.

27.1.3 By ontstentenis van die kerkraad tree die ring/ringskommissie in sy plek op. Verwys ook na Artikel 22.2.1

### 27.2 Vergadering

27.2.1 Gewone vergaderinge van die kerkraad geskied na afkondiging by die erediens op twee opeenvolgende Sondae of na 'n skriftelike kennisgewing van minstens tien dae voor die tyd aan al die lede.

> ***Aantekening***
>
> *Indien die kerkraad nog buitengewone vergaderings wil gebruik, moet hy sy eie bepalings opstel tov die voorwaardes tot die hou van, die metode van kennisgewing en die omvang van die sakelys vir 'n buitengewone vergadering. Alle lede moet kennis van die vergadering ontvang. Oorleg moet ook met die gemeente se leraar(s) gepleeg word, indien hy/sy nie die voorsitter is nie. Verwys Artikel 28.3.*

27.2.2 'n Kworum vir kerkraadsvergaderings is die volstrekte meerderheid van die getal diensdoenende kerkraadslede.

[17] Gedesentraliseerde kerkrade word saamgestel uit die predikant(e), diensleraar(s), ouderlinge en diakens, aangewys deur die kerkraad. Met die term "gedesentraliseerde kerkraad" word enige groepering in die gemeente verstaan.

27.2.3 Huishoudelike bepalinge vir sy vergaderinge, werksaamhede, kommissies en amptenare word deur die kerkraad self opgestel mits dit nie in stryd is met die Woord van God, die *Kerkorde* en sinodale besluite nie.

### 27.3 Tot die taak van die kerkraad behoort:

> ***Aantekening***
>
> *1. Van die pligte van die kerkraad wat hier genoem word, word elders vollediger omskryf:*
>
> *a) diakonie – Artikel 17;*
>
> *b) versorging van die predikant – Bepaling 13;*
>
> *c) beheer oor eiendom en fondse – Reglement 2, 6 en AS24; en*
>
> *d) insameling en versending – Reglement 2 en 6 (vgl ook Vorm A).*

27.3.1 Die kerkraad laat die finansiële state van die gemeente jaarliks oudit of nagaan deur 'n onafhanklike geregistreerde geoktrooieerde of ander professionele rekenmeester (bv. registrasie by SAICA of SAIPA), wat nie lid van die kerkraad of gemeentelike bestuur is nie en 'n oudit of onafhanklike oorsig voorsien.

27.3.2 Die kerkraad verseker dat die interne prosesse om gemeentelike fondse verantwoordelik te hanteer, in stand gehou word.

27.3.3 Die kerkraad sien toe dat die sinodale heffing (sinodale dankoffer) en ringsheffing jaarliks oorbetaal word aan sinode en ring.

27.3.4 Verder:

- die leiding van die gemeente in die diens van die Here;
- die reëling van die openbare eredienste met besondere toesig oor Woordverkondiging, die doop en die nagmaal;
- die toesig oor die belydenis en wandel van die lidmate en die handhawing van kerklike orde en tug;
- die toesig oor die geloofsvorming in die gemeente;
- die bevordering van getuieniswerk, ook vir die hou van bidure vir die uitbreiding van die koninkryk van God;
- die behartiging van barmhartigheidsdiens deur middel van die diakonie;
- die versorging van die predikant;
- die beheer oor die eiendomme en fondse van die gemeente;
- die hou van 'n volledige beskrywing van die fondse en goedere onder sy beheer;
- die insameling en versending van sinodale dankoffers en kollektes en verpligte bydraes;
- die hou van notules van sy vergaderings en die bewaring van korrespondensie;
- die bewaring van gemeentelike argiewe;

> ***Aantekening (vervolg)***
>
> *2 Veranderinge in kerklike registers word gedoen volgens Reglement 10, met Vorms 8 en 9 en die voorlegging van die nodige bewysstukke.*
>
> *3 Waardevolle stukke van kerkrade en gemeentes moet by die betrokke argiewe ingelewer word, omdat dit gebeur het dat waardevolle dokumente en ander kerklike stukke as gevolg van nalatigheid en ondoeltreffende bewaringsmetodes verlore gegaan het (AS 1970) (vgl Reglement 9).*

- en die voorlegging aan die gemeente van die herderlike brief van die ring na aanleiding van die persoonlike kerkvisitasie.

27.4 Die sensusdatum vir gemeentestatistiek is die laaste dag van die finansiële jaar, naamlik die laaste dag van Februarie (AS 1974).

### 27.5 Kerkraad en ring

27.5.1 Aan elke gewone vergadering van die ring voorsien die kerkraad 'n geloofsbrief vir sy afgevaardigdes (Vorm 13), afskrifte van die doop- en lidmateregister van die betrokke kerkjaar en behoorlik voltooide Vorm A en B.

> ***Aantekening***
>
> *Die afskrifte staan in die sinodejaar oor na die volgende jaar.*

27.5.2 Die kerkraad keur die geloofsbrief en al die vorms goed waarna dit deur die voorsitter en skriba onderteken word, behalwe die afskrifte van die registers wat deur 'n kommissie van die kerkraad goedgekeur en onderteken kan word.

27.5.3 Vorm A en B word jaarliks voor 31 Julie versend soos aangedui op die vorms.

27.6 Teenoor die Sinode het die kerkraad die verantwoordelikheid om maandeliks die sinodale dankoffers te versend; om sinodale kollektes op te neem en dit kwartaalliks teenoor die Direkteur Sinode te verantwoord; om die geloofsbrief vir sy afgevaardigdes te voorsien en die verpligte bydrae per afgevaardigde te versend.

> ***Aantekening***
>
> *1 Die geloofsbrief is vervat in Vorm 13.*
>
> *2 Die kerkraad stuur beskrywingspunte en versoekskrifte na die Sinode*

27.7 Die kerkraad stel die amptenare aan wat die gemeente nodig het (sien Reglement 2).

> ***Aantekening***
>
> *Lidmate van die gemeente behoort voorkeur te kry by hierdie aanstellings.*

## Artikel 28

28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar. In buitengewone omstandighede en met die goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader.

28.2 Die kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die lede van die kerkraad.

28.3 Buitengewone vergaderings van die kerkraad word deur die voorsitter byeengeroep na oorlegpleging met die predikant(e), indien die voorsitter nie 'n predikant van die gemeente is nie.

## Artikel 30

30.1 Die ring word saamgestel uit een predikant / diensleraar / standplaasleraar en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die pos vir predikant/diensleraar/standplaasleraar vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die predikant/diensleraar/standplaasleraar afgevaardig word.

30.2 As 'n gemeente meer as een pos vir predikant / diensleraar het, het die kerkraad die reg om meer predikante/diensleraars en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikant / diensleraar af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir predikant / diensleraar vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.

30.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ouderling / diaken mag as sekundus vir 'n predikant optree.

30.4 Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

## Bepaling 30

30.1 Die ring word saamgestel deurdat die kerkraad vir elke predikant / diensleraar / standplaasleraar wat hy afvaardig ook 'n ouderling/diaken afvaardig.

> ***Aantekening***
>
> *Die afgevaardigde bly afgevaardig totdat 'n volgende afvaardiging aangewys word – al is hy/sy nie meer kerkraadslid nie – tensy hy/sy die gemeente verlaat.*

30.2 Kennisgewing van 'n ringsvergadering geskied deur die ringskriba aan die betrokke kerkrade soos deur die ring bepaal.

> ***Aantekening***
>
> *1 Sommige ringe onderskei tussen 'n gewone vergadering waarvoor twee maande kennisgewing vereis word en buitengewone vergaderinge waarvoor veertien dae kennis vereis word. Sommige ringe besluit van vergadering tot vergadering vooruit op die plek en datum van die volgende vergadering.*
>
> *2 Ringe besluit self oor prosedure van kennisgewing, tyd en plek van vergaderings.*
>
> *3 Reglemente 1 en 3 gee 'n duidelike uiteensetting van hoe by meerdere kerkvergaderings gehandel word.*

30.3 Ringsvergaderings vind jaarliks plaas voor 31 Oktober.

> ***Aantekening***
>
> *1 Die ring besluit of hy in die sinodejaar vergader.*
>
> *2 Die ring besluit oor 'n vergaderdatum.*

30.4 Die geloofsbriewe (Vorm 13) moet voor die tyd in die hande van die skriba van die ring wees.

30.5 Die voorsitter van die vorige ringsvergadering of die voorsitter van die ringskommissie open die vergadering en handel volgens Reglement 1.3.

> ***Aantekening***
>
> *1 Die ring se funksies van opsig, advies en hulp sluit meer in as net tughandelinge.*
>
> *2 Die ring kan ook in pastorieë, en in die verhouding tussen pastorieë, kerkrade en gemeentes pastorale leiding gee.*
>
> *3 Die ring kan dit doen deur middel van die visitatore en/of die ringskommissie.*

31.3 Hulpverlening aan gemeentes word allereers deur die ring hanteer. Die ring gee aandag aan gemeentes wie se selfstandigheid en voortbestaan as gevolg van ontvolking of ander faktore bedreig word en bied advies en leiding aan die betrokke kerkrade.

31.4 Grenswysiginge tussen gemeentes geskied deur die ring op aansoek van of met goedkeuring van die betrokke kerkrade.

> ***Aantekening***
>
> *Met aansoeke om die afstigting van nuwe gemeentes word volgens Reglement AS27 gehandel.*

31.5 Die ring is verantwoordelik vir die aanwysing van 'n konsulent vir elke gemeente; die aanwysing van verteenwoordigers op sinodale kommissies wat so saamgestel word; en onderneem enige werksaamheid wat binne sy vermoë is en tot die bevordering van die koninkryk van God binne die ringsgebied kan dien.

31.6 Die ring is verantwoordelik vir die goedkeuring en aanwending van Bedienaars (kerkraadslede wat opgelei is om die Woord tydens eredienste te bedien). Verwys na Riglyn 4, Riglyne vir Bedienaars (ouderlinge en diakens met bevoegdheid).

31.7 Die ring besluit jaarliks vir watter ringsprojekte om befondsing vir die volgende finansiële jaar by die Sinodale Kommissie aansoek gedoen sal word.

31.8 Die ring kan na goeddunke kommissies aanwys om die werk wat gemeentes doen te bevorder deur motivering, koördinering en toerusting of op versoek van gemeentes sekere projekte te koördineer.

31.8.1 Die ring kies 'n **ringskommissie** bestaande uit die skriba en twee lede (met drie sekundi) om

> ***Aantekening***
>
> *Die leraarverteenwoordiger wat op die Sinodale Kommissie dien, dien ampshalwe ook op die ringskommissie indien nie tot die ringskommissie verkies nie.*

31.8.1.1 die opdragte van die ring uit te voer;

31.8.1.2 spoedeisende sake te hanteer;

31.8.1.3 aandag te gee aan sake rakende die beroeping van predikante en langdurige vakatures;

31.8.1.4 aandag te gee aan tugsake (Hoofstuk 5);

31.8.1.5 hanteer die stigting/ontbinding van gemeentes (Reglement AS27);

31.8.1.6 keur aansoeke om verandering in registers goed;

31.8.1.7 belê die vergaderinge van die ring (Bepaling 30);

31.8.1.8 vul vakatures in die kommissies van die ring aan;

31.8.1.9 vul vakatures in die Sinodale Kommissie wat ringsgewys saamgestel word met die nodige kennisgewing aan die skriba van die Sinode; en

31.8.1.10 doen skriftelik verslag aan die ring van al sy werksaamhede.

31.8.2 Die ring kan ook 'n **Kommissie vir Administrasie** benoem waarvan die skriba ampshalwe lid is om:

31.8.2.1 ondersoek in te stel na die totale koste van indiensneming van predikante (Bepaling 13);

31.8.2.2 Vorm A en B na te gaan en aan die ring verslag te doen;

31.8.2.3 aanbevelings aan die ring te doen oor toestemming tot die oprigting van noodsaaklike geboue vir die eerste keer;

> ***Aantekening***
>
> *In die geval van nuutgestigte gemeentes, word die aansoek oorweeg op grond van 'n gesertifiseerde uittreksel uit die boeke van die moedergemeente(s) wat die inkomste uit die wyke wat afgestig het, oor die voorafgaande drie jaar aantoon en verder van 'n projeksie van die verwagte finansiële groei van die gemeente oor die volgende vyf jaar.*

31.8.2.4 aanbevelings aan die ring te doen oor aansoeke van gemeentes vir die aangaan van skuld wat 12,5% of meer van die vorige boekjaar se inkomste beloop;

> ***Aantekening***
>
> *Die kerkraad moet in sy aansoek motiveer wat die rede is vir die skuld, 'n finansiële plan indien wat wys hoe die skuld gediens sal word en vooraf by 'n goedgekeurde finansiële instelling (wat voldoen aan die Nasionale Kredietwet) 'n voorlopige goedkeuring kry vir die aangaan van die voorgenome skuld.*

31.8.2.5 die jaarlikse ouditering van die ringsfonds en verslag daaroor by die ring en by die Sinodale Kommissie (voor of op 30 September) te behartig;

31.8.2.6 die state vir sinodale dankoffers te ontvang en aan die ring voor te lê; en

31.8.2.7 kerkrade en kassiers aan te spoor om verpligtinge maandeliks aan die Direkteur Sinode te verantwoord.

31.8.3 Die ring benoem by elke gewone vergadering 'n **Argiefkommissie** (Kommissie vir Afskrifte) om:

31.8.3.1 die afskrifte van die dooplidmate en lidmateregisters, soos deur die kerkrade opgestuur, na te gaan; en

31.8.3.2 seker te maak dat notuleboeke en registers van die plaaslike gemeentes behoorlik gehou word en saam met ander stukke van geskiedkundige waarde behoorlik versorg en bewaar word.

31.9 Die koste van kommissies deur die ring benoem, word eers vir goedkeuring aan die ringskommissie voorgelê en daarna deur die ringskassier uit die ringsfonds uitbetaal.

33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

## Bepaling 33

33.1 Die Sinode word saamgestel uit ten minste een predikant / diensleraar / standplaasleraar en 'n gelyke getal kerkraadslede as afgevaardigdes per gemeente.

33.2 'n Afgevaardigde bly afgevaardigde van die gemeente, al dien hy/sy nie meer op die kerkraad nie totdat 'n nuwe afvaardiging aangewys word, tensy hy/sy die gemeente verlaat.

## Artikel 34

Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sover moontlik in die jaar na die gewone vergadering van die Algemene Sinode.

## Bepaling 34

### 34.1 Vergadering

34.1.1 Die skriba van die Sinode roep die Sinode drie maande voor die tyd op deur 'n kennisgewing in die Kerkbode of by wyse van 'n e-pos aan elke kerkraad.

> ***Aantekening***
>
> *Die Direkteur Sinode tree as skriba van die Sinode, Sinodale Kommissie en sy dagbestuur op en handel volgens Artikel 25 en Reglement 5 en die aktuarius volgens Reglement 8.*

34.1.2 'n Biddag op die Sondag, vier weke voor die samekoms van die Sinode word met die oog op die vergadering in die verskillende gemeentes gehou.

34.2 'n Buitengewone vergadering van die Sinode, byeengeroep met 'n maand skriftelike kennisgewing deur die skriba aan al die kerkrade, vind plaas op 'n plek en datum soos deur die Sinodale Kommissie gereël.

> ***Aantekening***
>
> *1 Die kerkraad kan met sy afvaardiging na die vorige sinodevergadering volstaan of 'n nuwe afvaardiging aanwys.*
>
> *2 'n Nuwe afvaardiging vereis die inhandiging van 'n nuwe geloofsbrief.*
>
> *3 Die prosedures vir die vergadering word uitgespel in Reglement 1.*

34.3 Die voorsitter van die Sinodale Kommissie neem die leiding by die konstituering en opening van die Sinode totdat die moderator verkies is. Terwyl die verkiesing van die moderator plaasvind, gaan die voorsitter van die Sinodale Kommissie voort met die behandeling van die agenda. Onder leiding van die moderator word 'n assessor, aktuarius en 'n addisionele lid gekies wat saam met die moderator en die skriba (Direkteur Sinode) die moderatuur vorm. Al die lede van die moderatuur word uit 'n groslys verkies. Die presensielys van die vergadering mag nie as groslys dien nie.

34.3.1 Die lede van die moderatuur mag nie vir meer as twee opeenvolgende gewone vergaderinge van die Sinode in dieselfde amp gekies word nie.

35.4 Beskrywingspunte aan die sinodevergadering word gestuur deur die Sinodale Kommissie, ringe, kerkrade en kommissies van die Sinode.

35.4.1 Beskrywingspunte moet drie maande voor die vergadering in die hande van die skriba wees.

35.4.2 Redaksionele wysiginge aan ingestuurde beskrywingspunte is beperk tot styl en taal.

35.4.3 Vir veranderinge in die Bepalinge en Reglemente moet beskrywingspunte, voorstelle en amendemente in die vorm wees waarin dit in die *Kerkorde*, Bepalinge en Reglemente opgeneem kan word.

35.4.4 Beskrywingspunte moet netjies getik of op rekenaaruitdruk na die skriba van die Sinode gestuur word en van 'n opskrif voorsien wees.

> ***Aantekening***
>
> *Beskrywingspunte wat bedekte klagtes behels, is nie ontvanklik nie.*

35.5 Die verslae van sinodale kommissies en amptenare moet die skriba van die Sinode minstens drie maande voor die sitting bereik.

> ***Aantekening***
>
> *Die elektroniese formaat van die verslae word deur die skriba van die Sinode bepaal.*

35.6 Die skriba van die Sinode gee aan die Kommissie van Orde insae in die stukke waaroor die kommissie die Sinode moet adviseer en laat die sakelys druk sodat dit minstens 'n maand voor die sitting aan die afgevaardigdes besorg kan word.

35.7 Die volgende **tydelike kommissies** word voor die sinodesitting deur die Kommissie van Orde uit die afgevaardigdes benoem:

35.7.1 **Tydelike Regskommissie** bestaande uit vier predikante en vier kerkraadslede.

> ***Aantekening***
>
> *Die kommissie se taak is om:*
>
> *a) klagskrifte, appèlsake, beskrywingspunte met regsaspekte en ander sake wat na hom verwys word grondig te oorweeg;*
>
> *b) klaers, beklaagdes en getuies aan te hoor (die reg van die Sinode om dieselfde te doen, word nie daardeur aangetas nie); en*
>
> *c) 'n verslag vir die Sinode op te stel waarin die kommissie se bevindings, die gronde daarvoor en 'n uitspraak aanbeveel word.*

35.7.2 **Tydelike Fondsekommissie** bestaande uit een predikant en een ouderling/diaken uit elke ring.

> ***Aantekening***
>
> *Die taak van die kommissie is om:*
>
> *a) die boeke, verslae en kasgelde van die verskillende fondse onder beheer van die Direkteur Sinode te ondersoek, die ouditering daarvan te kontroleer en verslag aan die vergadering te doen;*

*b) voorstelle met finansiële implikasie, wat na hom verwys is, te oorweeg en die Sinode daaroor te adviseer;*

*c) alle voorstelle met finansiële implikasies word eers na die kommissie verwys voordat die Sinode daaroor besluit; en*

*d) aan lede van die vergadering op aanvraag, met opgaaf van redes, insae te gee in die rekeninge van die verskillende fondse.*

35.7.3 **Kommissie vir Skakeling met die Media** word saamgestel deur die Kommissie van Orde na goeddunke.

***Aantekening***

*Die kommissie versorg berigte en skakel met die breë media.*

35.7.4 **Kommissie vir Algemene Sake** word saamgestel deur die Kommissie van Orde na goeddunke.

***Aantekening***

*Die kommissie oorweeg sake van algemene belang wat na hom verwys word en doen daaroor aanbevelings aan die Sinode.*

35.7.5 **Ander tydelike kommissies** kan deur die Kommissie van Orde benoem word in die lig van ingekome beskrywingspunte.

### 35.8 Kommissies van die Sinode

35.8.1 Die **Sinodale Kommissie** bestaande uit die moderatuur van die Sinode en 'n predikant en 'n ouderling/diaken uit elke ring.

***Aantekening***

*1 Deskundige lede kan wanneer nodig bygeroep word.*

*2 Behalwe vir die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Kommissie word 'n sekundus vir elke lid aangewys.*

*3 Die afgevaardigdes uit elke ring benoem tydens die Sinode die lede en sekundi op die Sinodale Kommissie.*

*4 Vakatures uit die ring op die Sinodale Kommissie word deur die ring/ringskommissie aangevul.*

35.8.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader ten minste jaarliks en word deur die skriba byeengeroep.

***Aantekening***

*1 Die skriba van die Sinode is ook skriba van die Sinodale Kommissie.*

*2 Normaalweg stuur hy/sy 'n agenda van die vergadering ten minste 14 dae voor die vergadering aan die lede daarvan.*

*3 Die Sinodale Kommissie konstitueer na afloop van elke gewone vergadering van die Sinode.*

**35.8.1.2** 'n **Meerderheid** van die lede moet teenwoordig wees vir die kommissie om te konstitueer of enige sake te behandel.

**35.8.1.3** Die Sinodale Kommissie het die **bevoegdheid** om in die uitvoering van sy pligte inligting te vra van kerklike instansies, en indien nodig, persone op te roep.

35.8.1.4 Die werksaamhede van die Sinodale Kommissie is om:

35.8.1.4.1 uitvoering te gee aan alles wat die Sinode aan hom toevertrou;

35.8.1.4.2 te let op die nakoming en toepassing van die *Kerkorde*, Bepalinge en Reglemente;

35.8.1.4.3 spoedeisende sake wat tot die bevoegdheid van die Sinode behoort, te behandel;

35.8.1.4.4 te beslis in sake van kerklike tug en appèl voor hom gebring;

35.8.1.4.5 die administrasie van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die Sinode te behartig (vgl Reglemente 5, 6 en 24) waarvoor hy:

35.8.1.4.5.1 kundige persone koöpteer wat hom ten minste oor die volgende finansiële en administratiewe sake adviseer:

- belegging van sinodale fondse;
- die bestuur van ander sinodale bates en laste;
- ouditering van die Sinode se boeke;
- die Sinode se finansiële jaarstate;
- die Sinode se jaarlikse begroting;
- die toewysing van fondse met betrekking tot die jaarlikse ringsprojekte;
- die bestuur van projekte; en
- toepaslike reglemente, trusts en bemakings en ander noodsaaklike aangeleenthede.

35.8.1.4.5.2 die Direkteur Sinode aanstel om te handel volgens Reglement 4;

35.8.1.4.5.3 die administratiewe personeel vir die sinodale kantoor aanstel;

35.8.1.4.6 die naam, plek en bedieningstydperk in Oos-Kaapland van elke predikant wat in die sinodale gebied te sterwe kom vir die sakelys van die volgende sinodevergadering te versorg;

35.8.1.4.7 vakatures aan te vul in kommissies wat deur die Sinode benoem is;

35.8.1.4.8 die indeling van ringe te behartig;

35.8.1.4.9 buitengewone sinodale vergaderinge byeen te roep wanneer sake van groot gewig dit vereis;

35.8.1.4.10 inligting rakende die NG Kerk in Oos-Kaapland te voorsien;

35.8.1.4.11 die statistiek van die Kerk te verkry en te bestudeer;

35.8.1.4.12 met die media te skakel;

35.8.1.4.13 om Bybelverspreiding te bevorder;

35.8.1.4.14 op aanvraag ringe te hulp te kom wanneer gemeentes te lomp word of wanneer gemeentes se voortbestaan in gedrang kom;

> ***Aantekening***
>
> *Dit is soms vir 'n kerkraad moeilik om tot die finale besluit te kom tot afstigting of ontbinding van die gemeente. Die ring kan met motivering die hulp van die*

*Sinodale Kommissie inroep om die kerkraad te oorreed. Die besluit kan egter nie op die kerkraad afgedwing word nie.*

35.8.1.4.15 in sake te handel wat die familie van NG Kerke raak; en

35.8.1.4.16 verslag te doen van al sy vergaderings en werksaamhede aan die Sinode.

35.8.1.4.17 Die Sinodale Kommissie bestuur die Sinode se skakeling met ekumeniese liggame.

35.8.1.5 Die **Dagbestuur van die Sinodale Kommissie** bestaan uit die moderatuur van die Sinode en vier lede deur die Sinodale Kommissie aangewys waarvan een 'n finansieelkundige lid van die Sinodale Fondsekommissie is.

***Aantekening***

*Die Sinodale Kommissie wys sekundi aan vir die vier addisionele lede en die Regskommissie vir die aktuarius. Indien daar nie 'n hulpskriba gekies is nie, wys die Sinodale Kommissie 'n sekundus vir die skriba aan. Indien die moderator of assessor vervang moet word, doen die Sinodale Kommissie dit uit sy eie lede.*

35.8.1.6 Die dagbestuur handel in alle spoedeisende sake;

35.8.1.6.1 voer alle opdragte uit wat deur die Sinodale Kommissie na hom verwys word;

35.8.1.6.2 bepaal wanneer vergaderinge van die Sinodale Kommissie gehou word;

35.8.1.6.3 eis, ingeval die skriba of aktuarius om enige rede verhinder word om sy/haar pligte na te kom, al die stukke op en oorhandig dit aan 'n diensdoenende predikant om waar te neem; en

35.8.1.6.4 doen verslag van sy werksaamhede aan die Sinodale Kommissie.

35.8.1.7 Die dagbestuur funksioneer ook as Kommissie van Orde om die sinodale vergadering vooraf te beplan en te reël.

***Aantekening***

*Dit behels die datum, program, tydrooster, geestelike gesprekke, verblyf en verversings van afgevaardigdes, ens.*

35.8.1.8 Sittingsreg op die Sinodale Kommissie word nie geraak wanneer 'n kerkraadslid sy/haar kerkraadtermyn uitgedien het nie, maar indien iemand wat op die Sinodale Kommissie dien wat op ringsbasis saamgestel is, die ringsgebied verlaat, verloor hy/sy sittingsreg op die betrokke kommissie.

35.8.2 Die **Sinodale Regskommissie**, bestaande uit vyf lede (met sekundi), waarvan ten minste een 'n regsgeleerde is en waarvan die aktuarius lid is, word deur elke sinodevergadering benoem om:

***Aantekening***

*Sien ook Reglement 7.*

35.8.2.1 elke nuwe uitgawe van die *Kerkorde*, Bepalinge en Reglemente vir korrek te onderteken;

35.8.2.2 uitsluitsel te gee oor onduidelikhede in die publikasie van die *Kerkorde*, Bepalinge en Reglemente;

## 4.2 Die sakramente

### Artikel 49

### 49.1 Die doop[24]

Die heilige doop word deur 'n predikant, diensleraar, standplaasleraar of proponent[25] bedien met gebruikmaking van water en 'n goedgekeurde liturgiese riglyne en/of formuliere. Dit word, behalwe by hoë uitsondering[26], in die amptelike openbare samekoms van die gemeente bedien.

***Aantekening***

*1 Doopouers se attestate of lidmaatskap moet in die gemeenteregisters ingeskryf wees voordat hulle kan laat doop.*

*2 Doopgetuies is nie 'n vereiste nie, maar ongesensureerde lidmate van die NG Kerk of 'n erkende Protestantse Kerk mag as doopgetuies bystaan.*

### Bepaling 49

### Reëlings in verband met die doop

49.1.1 Ouers wat die doop vir hulle kinders begeer moet vooraf persoonlik by die predikant aanmeld.

***Aantekening***

*1 Elke kerkraad tref self die ordereëlings in hierdie verband. Verkieslik voer die predikant en een of meer ouderlinge met hulle 'n gesprek oor die betekenis en die erns van die doop.*

*2 Dit word verwag dat die geboortesertifikaat / identiteitsdokument van die dopeling getoon word.*

49.1.2 Besware teen die doop van 'n dopeling van die kant van die predikant of ouderling moet aan die doopouers meegedeel word, so spoedig moontlik aan die kerkraad voorgelê word en na besluit van die kerkraad gehandel word.

***Aantekening***

*1 Besware teen die doop raak die oortreding van die sewende gebod en administratiewe aangeleenthede rondom lidmaatskap*

*2 Meelewing en erediensbywoning moet los van die doop bearbei word.*

49.1.3 Skriftelike verlof, nadat die dooponderhoud gevoer is, deur die predikant, konsulent of kerkraad is 'n vereiste om in 'n ander gemeente te laat doop.

49.1.4 'n Doopseel word tydens die doopgeleentheid aan die doopouers oorhandig.

---

[24] Vergelyk Riglyne 6 vir die doop van 'n kind ouer as sewe.

[25] Vergelyk *Artikel 48.3.1 tot 48.3.3* van die *Kerkorde* met voetnota.

[26] Die meriete van so 'n versoek word deur die kerkraad beoordeel.

ondersteun word en waar onderrig in die Woord van God en die leer van die kerk geskied. Hierdie bediening geskied met die oog op geloofsvolwassenheid en dissipelskap.

### Bepaling 50

> ***Aantekening***
>
> *1 Vir statistiese doeleindes word dooplidmate wat in koshuise inwoon en net sekere naweke huis toe gaan, gereken as dooplidmate van die gemeente in wie se grense die koshuis val.*
>
> *2 Dooplidmate wat in koshuise inwoon en elke naweek huis toe gaan, word gereken as dooplidmate van die gemeente waarvan hulle ouers lidmate is.*

50.1 Die ondersoek van toelating tot belydenisaflegging behels die getuienis oor die doop, 'n persoonlike onderhoud met die predikant en die ondersoek deur die kerkraad.

> ***Aantekening***
>
> *1 'n Inskrywing in die register van dooplidmate van die gemeente of dan 'n doopseel vanaf 'n ander gemeente, deur die katkisant ingehandig, dien as bevestiging dat hy/sy gedoop is.*
>
> *2 Ongedoopte katkisante word gedoop by die geleentheid wanneer hulle belydenis van geloof aflê.*
>
> *3 Katkisante wat nie bewys van hulle doop kan lewer nie, word gedoop met gebruikmaking van die formulier vir die bediening van die doop aan volwassenes by die belydenis van geloof. Hulle lê nie weer belydenis van geloof af nie. Die formulier vir die openbare belydenis van geloof en die bediening van die doop aan volwassenes (1990) kan gebruik word wanneer sommige van die katkisante nie gedoop is nie.*

50.1.1 Die kerkraad sien toe dat toelating tot belydenisaflegging nie outomaties geskied nie.

50.1.2 Katkisante uit ander gemeentes kan slegs met skriftelike verlof van hulle predikant/kerkraad tot die ondersoek of die aflegging van belydenis toegelaat word.

50.2 Alle persone wat nog nie in die kerkverband ingesluit is nie, maar wel tot die kerkverband wil toetree, word deur middel van kategetiese onderrig in die Woord van God en die leer van die kerkverband onderrig.

## 4.4 Die herderlike sorg

### Artikel 51

51.1 Die predikante, diensleraars, standplaasleraars ouderlinge en diakens moet herderlike sorg verleen aan alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldgesindheid en goddelose lewenspraktyke.

51.2 Die Christelike huwelik as 'n instelling van God moet heilig gehou word en kerkrade moet hieroor die nodige herderlike toesig hou.

## Artikel 64

## Tug- en dissiplinêre maatreëls

64.1 Die onderstaande tug- en/of dissiplinêre maatreëls kan deur tugliggame toegepas word:

**64.2 Lidmate**

64.2.1 'n vermaning in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die tugliggaam met die oog op berou en bekering;

64.2.2 geestelike begeleiding en herderlike sorg;

64.2.3 afsnyding van die gemeente.

**64.3 Ouderlinge en diakens**

64.3.1 'n vermaning in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die tugliggaam;

64.3.2 skorsing met of sonder opskorting van lidmaatregte totdat daar bewys van grondige berou is;

64.3.3 opheffing van ampsbevoegdheid totdat daar 'n bewys van grondige berou is;

**64.4 Gelegitimeerdes**

64.4.1 'n vermaning ter vergadering van die tugliggaam;

64.4.2 'n skriftelike waarskuwing deur die tugliggaam met verslag aan die werkgewer;

64.4.3 opskorting van legitimasie vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:

64.4.3.1 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes deur die werkgewer. (Uitgawes wat direk met die nakoming van pligte te doen het, kan weerhou word.)

64.4.3.2 Indien die tugliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie opskorting van legitimasie verleng word.

64.4.4 Verlies van legitimasie waarna die kerkraad verplig is om uitvoering te gee aan Artikel 12.

64.4.4.1 Hierdie verlies van legitimasie kan vir 'n vasgestelde tydperk of permanent wees.

64.4.4.1.1 In die geval van die tydelike verlies van bevoegdheid is die betrokkene weer beroepbaar na die verstryking van die vasgestelde tydperk.

64.4.4.1.2 In die geval van permanente verlies van bevoegdheid word die akte van legitimasie nietig verklaar

64.4.5 Kennisgewings word in beide gevalle aan die Algemene Taakspan Predikantesake gegee.

# REGLEMENTE

# Funksionering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland

# REGLEMENT 1

## ORDEREËLS VIR KERKVERGADERINGS EN KOMMISSIES

### 1. ALGEMEEN

1.1 Alle vergaderinge is oop tensy daar anders besluit word, behalwe kerkraadsvergaderings wat geslote is tensy die kerkraad anders besluit. Amptenare, wat nie lede van die kerkraad is nie, se teenwoordigheid verander nie die geslotenheid van die vergadering nie.

1.2 Al die lede is verplig om vergaderings by te woon en om, as hulle nie kan verskyn nie, betyds kennis te gee met opgawe van redes.

1.3 Lede mag nie die vergadering sonder verlof van die voorsitter verlaat nie.

### 2. KENNISGEWING VAN VERGADERING

Van kerkvergaderinge moet betyds, deur die betrokke skriba, aan alle lede kennis gegee word (sien Bepaling 27.2.1, en 34.1.1 en 34.2).

### 3. KONSTITUERING EN OPENING

3.1 Konstituering vind plaas nadat by 'n kerkraadsvergadering 'n presensielys saamgestel en by 'n meerdere vergadering nadat die geloofsbriewe gekontroleer is. Elke vergadering neem notule van afwesige lede en verskonings.

**3.2 Kworum**

**3.2.1 Kerkraadsvergaderings**

'n Kworum by kerkraadsvergaderings bestaan uit die meerderheid van die aantal dienende lede.

**3.2.2 Meerdere vergaderinge**

'n Kworum vir 'n meerdere vergadering bestaan uit 'n meerderheid van die aantal afgevaardigdes. By die behandeling van tugsake by 'n ringsvergadering moet egter twee derdes van die lede teenwoordig wees.

**3.2.3 Permanente kommissies**

'n Kworum vir permanente kommissies van die ring en Sinode bestaan uit 'n meerderheid van die aantal lede wat die kommissie uitmaak.

3.3 Nadat aan al die vereistes voldoen is, verklaar die voorsitter die vergadering gekonstitueer. Daarna word die vergadering met Skriflesing en gebed geopen (vgl Artikel 24).

3.4 Elke kerkvergadering wys sy eie voorsitter aan.

3.4.1 Elke kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter aan die hand van Artikel 28.2.

3.4.2 Elke ringsvergadering kies jaarliks 'n voorsitter soos deur die ring bepaal.

3.4.3 Die Sinode kies sy voorsitter aan die hand van Bepaling 34.3.

3.4.4 Indien beide die voorsitter en ondervoorsitter die vergadering verlaat, kies die vergadering uit eie geledere 'n waarnemende voorsitter.

3.5 Kerkvergaderinge gebruik kommissies, tydelike en ad hoc kommissies om sy werk te vergemaklik. Die aanwysing van sodanige kommissies geskied deur die betrokke vergadering.

## 4. SAKE VIR BEHANDELING

4.1 'n Kerkvergadering behandel kerklike sake (Artikel 21) wat daar tuishoort (Artikel 22) en wat

4.1.1 van 'n vorige vergadering oorgestaan het, of

4.1.2 in 'n verslag van 'n kommissie voorgedra word, of

4.1.3 by wyse van korrespondensie of 'n versoekskrif deur 'n lidmaat/lidmate voor die vergadering kom, of

4.1.4 in die geval van 'n meerdere vergadering, deur 'n mindere vergadering per beskrywingspunt voor die vergadering gelê word.

4.2 'n Kommissie wat daarvoor aangewys is, stel vooraf 'n voorlopige sakelys op en lê dit vir goedkeuring aan die vergadering voor.

4.3 Byvoegings word in uitsonderlike gevalle deur die vergadering tot die sakelys gemaak.

4.4 Voorstelle en amendemente moet gesekondeer wees en skriftelik ingedien word.

4.5 Aanbevelings in die verslae van permanente kommissies word as voorstel voor die vergadering beskou en word, behalwe in gevalle waar daar finansiële en regsimplikasies is, nie vooraf na 'n tydelike kommissie verwys nie.

## 5. PLIGTE VAN DIE VOORSITTER

### 5.1 Reëling van die orde

Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde in die volgorde wat vir hom/haar die geskikste voorkom.

### 5.2 Hou by kerklike bepalinge

Die voorsitter moet toesien dat die vergadering hom hou by die geldende Kerkorde, Bepalinge en Reglemente asook ander sinodale voorskrifte.

**5.3 Verstrek inligting**

By die behandeling van sake verstrek hy/sy alle nodige inligting.

**5.4 Gee wenke**

As die saak dit vereis, doen hy/sy wenke aan die hand om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom.

**5.5 In onvoorsiene gevalle**

In gevalle wat betref die leiding en werksaamhede van die vergadering en waarvoor geen voorsiening in die Reglement van Orde gemaak is nie, handel die voorsitter na die gebruik en eie oordeel en indien die lede beswaar het teen die leiding van die voorsitter, beslis die vergadering.

**5.6 Beslissende stem**

In kerkvergaderinge het die voorsitter, wanneer die stemme staak, 'n beslissende stem, behalwe by tughandelinge en verkiesing van persone.

**5.7 Slegs een stem**

By kommissievergaderinge het die voorsitter net een stem.

## 6. BEHANDELING VAN SAKE

**6.1 Spreek die voorsitter aan**

In die bespreking van sake wend elke lid hom/haar, hetsy by skriftelike of mondelinge voordrag, tot die voorsitter.

**6.2 Aanspreekvorm van voorsitter**

By alle kerkvergaderinge word die voorsitter aangespreek as "Voorsitter".

**6.3 Verlof uit vergadering**

Lede mag nie die vergadering verlaat sonder verlof van die voorsitter nie.

**6.4 Reg tot spreekbeurt**

By die behandeling van sake het elke lid van die vergadering die reg om sy/haar mening oor elke saak uit te spreek.

**6.5 Orde van spreekbeurte**

As twee of meer lede gelyktydig 'n spreekbeurt aanvra, beslis die voorsitter wie eerste aan die beurt kom.

**6.6 Een spreekbeurt**

'n Lid van die vergadering mag nie meer as een maal oor dieselfde saak praat nie, behalwe wanneer hy/sy op 'n punt van orde die aandag van die vergadering wil vestig op 'n afwyking van die Reglement van Orde, of op 'n punt van inligting 'n vraag wil stel, of wanneer hy/sy as indiener van 'n voorstel van sy/haar reg tot repliek wil gebruik maak, of 'n amendement wil indien op die voorstel.

**6.7 Waardigheid van vergadering**

Elke lid onthou hom/haar van alles wat strydig is met die waardigheid van 'n kerkvergadering.

### 6.8 Onwaardige optrede

#### 6.8.1 Apologie

Waar 'n lid van 'n kerkvergadering hom/haar volgens die oordeel van die voorsitter of volgens die besluit van die vergadering onordelik gedra, moet die voorsitter hom/haar tot orde roep en, as die vergadering so besluit, 'n apologie weens sy/haar woorde of gedrag van hom/haar eis.

#### 6.8.2 Vergadering te verlaat

As hy/sy na die eerste vermaning voortgaan om die waardigheid van die vergadering aan te tas, en in geval van 'n vereiste apologie weier om hieraan te gehoorsaam, gelas die voorsitter hom/haar om die vergadering te verlaat, en mag so 'n lid alleen terugkeer tot die vergadering op voorwaardes van die voorsitter in oorleg met die vergadering.

#### 6.8.3 Tugmaatreëls

Indien daar by sodanige lid na drie maande geen positiewe reaksie kom nie, word die saak deur die bevoegde kerkvergadering ondersoek.

## 7. VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

### 7.1 Slegs een voorstel

Oor 'n saak wat aan die orde is, kan net een voorstel op 'n keer voor die vergadering dien.

### 7.2 Twee of meer voorstelle

Waar twee of meer voorstelle oor dieselfde saak voor 'n vergadering kom, is die eerste die voorstel en die ander die amendement of amendemente.

### 7.3 Indiening van voorstelle en amendemente

7.3.1 Voorstelle en amendemente moet aan die begin van 'n spreekbeurt ingedien en aan die vergadering voorgelees word en eers daarna gemotiveer word.

7.3.2 'n Amendement wysig of verbeter die inhoud, taal, woorde of woordorde van 'n voorstel, maar mag nooit 'n teenvoorstel wees nie. Die voorsitter moet daarom 'n negatiewe amendement buite orde reël.

7.3.3 Lede wat teen 'n voorstel is, kan daarteen praat en stem.

### 7.4 Gesekondeer, skriftelik en onderteken

Alle voorstelle en amendemente moet gesekondeer wees en in geval van meerdere vergaderinge, skriftelik en onderteken deur beide die voorsteller en die sekondant, ingedien word by die voorsitter.

### 7.5 Terugtrekking van voorstel of amendement

'n Voorstel of amendement kan alleen met verlof van die vergadering teruggetrek word, ook al is daar nog nie oor die voorstel gepraat nie.

**7.6 Voorsteller afwesig sonder verlof**

As die voorsteller sonder verlof afwesig is, verval sy/haar voorstel, tensy 'n ander lid van die vergadering dit oorneem.

**7.7 Reg tot repliek**

Die insender van 'n voorstel het reg tot repliek, maar nie insenders van amendemente nie.

**7.8 Eerste amendement word voorstel**

Waar 'n voorstel met verlof van die vergadering teruggetrek word, verval ook al die amendemente wat daarvan afhanklik is. Wanneer 'n voorstel egter met verlof van die vergadering teruggetrek word ten gunste van 'n amendement, word die eerste amendement die voorstel voor die vergadering (sien 8.7 vir die stemming van amendemente).

## 8. STEMMING

**8.1 Deur teenwoordige lede**

Elke stemming in kerkvergaderinge geskied deur die lede wat teenwoordig is.

**8.2 In adviserende hoedanigheid**

Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, het die reg om aan die bespreking deel te neem, maar mag nie stem nie.

**8.3 Verplig om te stem**

Geen lid mag buite stemming bly nie, behalwe met verlof van die vergadering en om gewigtige redes wat deur die vergadering beoordeel moet word.

**8.4 Geen name word genoem nie**

As die voorstel en amendement(e) tot stemming gebring word, noem die voorsitter nie die name van die voorstellers nie.

**8.5 Vir en teen stem**

Oor elke saak moet afsonderlik vir en teen gestem word.

**8.6 Staking van stemme**

Wanneer daar oor 'n voorstel 'n staking van stemme kom, is die voorstel verwerp, tensy die voorsitter, as hy/sy 'n beslissende stem het, die voorstel met sy/haar beslissende stem laat aanneem of verwerp. Die voorsitter is egter nie verplig om sy/haar beslissende stem uit te bring nie.

**8.7 Orde van stemming by voorstel en amendemente**

Wanneer daar 'n voorstel sowel as amendement(e) voor die vergadering dien, word eers die amendemente tot stemming gebring, en wel so dat daar oor dié wat die laaste ingedien is, die eerste gestem word, en so vervolgens in opklimmende volgorde, en daarna oor die voorstel.

**8.8 Beslissing**

Vir die beslissing in 'n saak word die volstrekte meerderheid van stemme, dit wil sê meer as die helfte van die lede wat teenwoordig is, vereis. By die bepaling van die volstrekte meerderheid word lede wat verlof ontvang het om buite stemming te bly, nie bygereken nie.

**8.9 Finale stemming**

As die finale stemming oor 'n saak plaasgevind het en die voorsitter dit as besluit van die vergadering verklaar het, mag niemand om 'n tweede stemming vra nie.

**8.10 Stemming oor gewone sake**

Oor gewone sake word daar gestem met opsteek van hande, behalwe as die vergadering anders besluit.

**8.11 Stemming oor persone**

Wanneer daar vir persone gestem word, geskied dit met geslote stembriewe, behalwe by die verkiesing van kerkraadslede by 'n nuwe gemeente direk na afstigting, waar daar gestem word met opsteek van hande (sien Reglement AS23.1.1.7).

**8.12 Beroeping van leraars**

Vir die beroeping van leraars vergelyk Reglement AS12.

**8.13 Verkiesing van kerkraadslede**

Vir die verkiesing van kerkraadslede vergelyk Bepaling 15.

**8.14 Stemming by tugsake**

Vir die stemming by tugsake sien Hoofstuk 5 van die Kerkorde.

## 9. MOSIE EN PUNT VAN ORDE

### 9.1 Mosie van orde

**9.1.1 Doel van ordemosie**

'n Ordemosie behels óf 'n voorstel oor die volgorde waarin sake ter tafel kom, óf 'n voorstel om die bespreking van 'n bepaalde punt te beëindig, óf 'n voorstel om van 'n bepaalde saak af te stap

**9.1.2 Enige tyd**

'n Ordemosie kan te eniger tyd gedurende die voortgang van die bespreking van 'n saak ingedien word.

**9.1.3 Sonder bespreking**

Oor 'n ordemosie word daar dadelik, sonder bespreking, gestem.

**9.1.4 Oordeel van voorsitter**

Die voorsitter het egter die reg om so 'n ordemosie te weier indien hy/sy oordeel dat dit ingedien word om 'n behoorlike bespreking van die saak te verhinder.

**9.2 Punt van orde**

'n Lid kan op 'n punt van orde praat slegs as hy/sy van oordeel is dat daar van die reëls van die orde afgewyk is, bv. as iemand

9.2.1 uit sy/haar beurt praat;

9.2.2 twee maal praat;

9.2.3 van die punt af is;

9.2.4 die vergadering sonder verlof verlaat;

9.2.5 twee maal gestem het of glad nie gestem het nie;

9.2.6 onwelvoeglike taal gebruik;

9.2.7 oor sy tyd praat;

9.2.8 oor 'n saak praat wat ultra vires is.

Geen bespreking word onder 'n punt van orde toegelaat nie.

## 10. BESLUIT EN REVISIE

**10.1 Wanneer besluit van vergadering**

Die voorstel of amendement wat die hoogste getal stemme kry en daarby die volstrekte meerderheid behaal, word die besluit van die vergadering en as besluit deur die voorsitter aangekondig.

**10.2 Aantekening van naam**

Dit staan enige lid vry om sonder of met opgaaf van redes te laat aanteken dat hy/sy teen 'n bepaalde voorstel of amendement gestem het, of dat hy/sy nie teenwoordig was toe 'n bepaalde besluit geneem is nie, en het die reg om by die verdere behandeling van die saak te stem.

**10.3 Revisie van besluite**

**10.3.1 Kennisgewing van revisie**

Besluite wat eenmaal geneem is, mag nie anders as na voorafgaande kennis in revisie geneem word nie.

**10.3.1.1 By kerkraadsvergaderinge**

By kerkraadsvergaderinge kan 'n besluit in dieselfde vergadering waarin dit geneem is in revisie geneem word indien geen beswaar daarteen ingebring word nie, of anders deur kennisgewing by 'n voorafgaande vergadering, of na vooraf skriftelike kennis aan al die lede van die vergadering, onder meer deur 'n vooraf gepubliseerde sakelys.

**10.3.1.2 By meerdere vergaderinge**

By 'n meerdere vergadering geskied die kennisgewing deur 'n vooraf gepubliseerde sakelys, of kennis in die vergadering dat revisie aan die einde van die sakelys aangevra sal word. By die sinodale vergadering word die versoek om revisie eers na die Tydelike Regskommissie verwys vir rapport aan die vergadering.

**10.3.2 Prosedure by die behandeling van die revisie**

**10.3.2.1 Motivering**

By die behandeling van die revisie moet die aansoeker vir die revisie eers 'n motivering gee waarom die revisie nodig geag word, byvoorbeeld dat in die bespreking van die saak waarom dit gaan in die vergadering aan sekere aspekte daarvan geensins of nie voldoende aandag gegee is nie of dat daar later inligting na vore gekom het wat die hersiening van die besluit noodsaaklik maak (Reglement AS3.8.2.5).

**10.3.2.2 Verlof tot revisie**

Na die motivering stem die vergadering eers of hy revisie wil toestaan. Indien die verlof gegee word, word die nuwe voorstel gemaak en bespreek. As die nuwe voorstel aanvaar word, verval die oorspronklike; word dit afgestem, bly die oorspronklike besluit staan.

**10.3.3 Revisie en uitvoering van besluit**

Kennisgewing van revisie kan nie verhinder dat 'n besluit intussen uitgevoer word nie.

## 11. WIE NIE MAG DEELNEEM AAN BEHANDELING VAN SAKE NIE

### 11.1 Naby familie en betrokkenes

By die behandeling van tugsake mag persone wat naby familie is of by die saak betrokke is, nie aan die behandeling van die saak deelneem nie (sien Reglement AS18.8).

### 11.2 Finansiële belang

Lede van 'n kerkvergadering mag nie deelneem aan die behandeling van 'n saak waarby hulle finansiële belang het nie.

### 11.3 Reeds uitsprake gegee het

Lede van 'n meerdere vergadering wat reeds as lede van 'n mindere vergadering oor dieselfde saak uitspraak gedoen het in tugsake, moet hulle aan die behandeling van die saak onttrek.

## 12. TYDELIKE KOMMISSIES

Tydelike kommissie word deur die betrokke kerkvergadering aangewys om spesifieke opdragte tydens die vergadering in sitting te hanteer.

## 13. PERMANENTE KOMMISSIES BY SINODALE VERGADERINGE

### 13.1 Kommissie vir kommissies

Voor die sinodale vergadering benoem die Kommissie van Orde (Bepaling 35.8.1.7) 'n Kommissie vir Kommissies wat opdrag kry om die permanente kommissies wat nie ringsgewys saamgestel word nie, saam te stel, en verteenwoordigers op verskillende instansies, soos deur die Sinode goedgekeur

en wat nie vir benoeming na permanente kommissies verwys is nie, vir goedkeuring van die Sinode aan die einde van die sitting voor te lê.

**13.1.1 Samestelling**

Die Kommissie vir Kommissies bestaan uit die voorsitters van die permanente kommissies en een lid uit elke ring: die voorsitter van die ring/ringskommissie en as hy/sy reeds die voorsitter van 'n permanente kommissie is dan die skriba, en as die skriba ook reeds die voorsitter van 'n permanente kommissie is, dan enige ander lid van die ring.

**13.2 Wie mag dien**

Op hierdie kommissies mag alleen lede van die Sinode dien, behalwe in gevalle deur die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente reeds bepaal, of deur die Sinode of Sinodale Kommissie nodig geag.

**13.3 Bly in funksie**

Hierdie permanente kommissies bly in funksie tot by die volgende sinodale vergadering.

**13.4 Mag nie ontslaan nie**

Niemand van die benoemde persone kan ontslaan word nie tensy om gewigtige redes waaroor die vergadering moet oordeel.

**13.5 Bly lid van permanente kommissie**

Ingeval 'n leraar 'n beroep na 'n ander gemeente in dieselfde sinodale verband aanneem, bly hy/sy lid van die permanente kommissie waarin hy/sy dien, behalwe van die kommissies wat ringsgewyse saamgestel word, waarvan hy/sy slegs lid bly indien hy/sy na 'n ander gemeente in dieselfde ringsgebied vertrek.

**13.6 Kommissies met administratiewe of finansiële aangeleenthede**

By die samestelling van kommissies met administratiewe of finansiële aangeleenthede deur die Sinode word toegesien dat een of meer lede nie leraars is nie.

**13.7 Vulling van vakatures in permanente kommissies**

Die vulling van vakatures in permanente kommissies geskied deur die Sinodale Kommissie in oorleg en op aanbeveling van die betrokke kommissie.

**13.8 Vulling van vakatures in die Sinodale Kommissie**

Die vulling van vakatures in die Sinodale Kommissie geskied op voordrag van die betrokke ring/ringskommissie wat daarvan aan die skriba van die Sinodale Kommissie kennis gee vir goedkeuring deur die Sinodale Kommissie of sy dagbestuur.

**13.9 Opdragte aan permanente kommissies**

Die Sinode gee opdragte aan 'n kommissie van die Sinode. Die kommissie mag dit na sy dagbestuur verwys.

**13.10 Opdragte aan meer as een kommissie**

Wanneer 'n enkele opdrag aan twee kommissies gegee word, dui die Sinode aan watter kommissie die sameroeper is. Indien dit nie gebeur nie, tree die kommissie wat eerste genoem word as sameroeper op

## 14. NOTULE

**14.1 Wat die notule is**

Die notule bestaan uit 'n bondige en onpartydige weergawe van wat op 'n vergadering verrig is en bevat:

14.1.1 alle voorstelle wat voor die vergadering gedien het, ook dié wat afgestem is, met vermelding van die naam van die kommissie of die naam van die voorstellers en sekondante wat die voorstel voor die vergadering gebring het;

14.1.2 besluite wat deur die vergadering geneem is;

14.1.3 verslae wat voor die vergadering gedien het;

14.1.4 belangrike reëlings wat deur die voorsitter getref is; en

14.1.5 alle sake wat die vergadering besluit om te notuleer.

Geen verslag word gegee van wat sprekers gesê het nie.

**14.2 Verantwoordelikheid van skriba**

Die skriba is verplig om op duursame papier onder deurlopende desimaal genumereerde paragrawe met aanduidende opskrifte, aan te teken wat in die vergadering behandel is, besluite woordeliks oor te neem, die notule vervolgens uit te brei en nadat dit goedgekeur is, te onderteken.

**14.3 Goedkeuring en ondertekening van notule**

Die notule van 'n kerkvergadering word soos volg behandel:

14.3.1 Die notule van 'n kerkraadsvergadering en al sy kommissie vergaderings word op die volgende vergadering goedgekeur en op elke bladsy deur die voorsitter en skriba onderteken. Dit word gedoen onmiddellik na die opening en konstituering van die vergadering

14.3.2 Die notule van 'n ringsvergadering word ter vergadering goedgekeur en op elke bladsy deur die voorsitter en skriba onderteken. Die notule van die laaste sittingsdag kan deur die ringskommissie goedgekeur en deur die voorsitter en skriba van die ringkommissie onderteken word.

14.3.3 Die notule van die Sinode word ter vergadering goedgekeur en op elke bladsy deur die voorsitter en skriba onderteken. Die notule van die laaste sittingsdag kan deur die dagbestuur van die Sinodale Kommissie goedgekeur en deur die voorsitter en skriba van die Sinodale Kommissie onderteken word.

14.3.4 Die notule van permanente kommissies van die ring en Sinode word op die volgende vergadering goedgekeur en op elke bladsy deur die voorsitter en skriba onderteken. Die notule van die Sinodale Kommissie kan deur sy dagbestuur goedgekeur word. Met die oog op 'n totale verandering van sy

personeel moet die kommissie toesien dat sy laaste notule voor die sitting van die ring of Sinode goedgekeur word.

14.3.5 Die notule van 'n vergadering kan alleen gewysig word as die vergadering toestem. Die wysiginge word in die daaropvolgende notule aangeteken.

### 14.4 Na goedkeuring geen verdere bespreking nie

Nadat die notule deur die vergadering goedgekeur is, mag daar geen verdere bespreking oor die notule wees nie.

### 14.5 Afwesige lede

Lede van die vergadering wat afwesig was toe die besluit of besluite geneem is, kan geen beswaar daarteen laat aanteken as die notule goedgekeur word nie.

### 14.6 Aantekening en protes

Dit staan lede wat afwesig was vry om in die notule te laat aanteken dat hulle by die bespreking afwesig was en, as hulle dit nodig oordeel, om protes daarteen te laat aanteken, met of sonder opgaaf van redes.

### 14.8 Uittreksel uit notule

Wanneer deur die betrokke kerkvergadering daartoe gelas, of wanneer die reg op sodanige uittreksel deur die bepalinge gegee of geïmpliseer word, reik die skriba volledige uittreksels uit die notule rakende 'n saak aan belanghebbendes uit.

## 15. KRAG VAN BESLUITE

### 15.1 Van kerkraadsvergaderinge

In die geval van 'n kerkraadsvergadering is die besluite, hoewel die notule eers op die volgende vergadering goedgekeur en onderteken word, dadelik van krag en mag die besluite onmiddellik uitgevoer word.

### 15.2 Van ringsvergaderinge

Die besluite van ringsvergaderinge tree in werking sodra die notule goedgekeur en onderteken is. Die ring kan egter bepaal dat 'n besluit onmiddellik van krag is. Sodanige besluit moet op skrif gestel en goedgekeur wees.

### 15.3 Van sinodale vergaderinge

Die besluite van die Sinode tree in werking sodra die handelinge verskyn het. Die Sinode kan egter bepaal dat 'n besluit onmiddellik van krag word.

## 16. UITVOERING VAN BESLUITE

Die besluite van kerkvergaderinge moet so gou as moontlik deur die skriba beskikbaar gestel word.

## 17. WAARDEVOLLE STUKKE

Elke kerkvergadering sien toe dat sy waardevolle stukke volledig, ordelik, netjies en op duursame materiaal en brandvry bewaar word en, sodra nie meer benodig nie, aan die Argief verskaffer van die NG Kerk in Oos-Kaapland versend word.

# REGLEMENT 2

## REGLEMENT VIR DIE GEMEENTELIKE KERKKANTOOR

### 1. PERSONEEL

1.1 Die personeel van die kerkkantoor word deur die kerkraad bepaal en aangestel (Die kerkraad mag hierdie funksie delegeer na 'n kommissie van die kerkraad).

1.2 Die kerkkantoor is aan die kerkraad verantwoordelik.

### 2. VERANTWOORDELIKHEDE

Die kerkraad bepaal die verantwoordelikhede van die kerkkantoor maar kan die volgende insluit:

**2.1 Administratief**

2.1.1 Die bewaring van alle notules van die handelinge van alle vergaderinge van die kerkraad en Kommissies/Taakgroepe van die kerkraad.

2.1.2 Die hou van afskrifte van alle briewe wat deur die betrokke vergaderinge ontvang en geskrywe word.

2.1.3 Die nakom en uitvoer van die argiefbeginsels ooreenkomstig Reglement 9 en 10.

2.1.4 Die uitvoering van opdragte van die kerkraad met verslag daaraan.

2.1.5 Reik in opdrag van die kerkraad afskrifte van doopseels en lidmaatsertifikate uit.

2.1.6 Hou volledige verlofregister van alle werknemers.

2.1.7 Hou alle getekende pligtestate en diensooreenkomste van werknemers op lêer.

2.1.8 Hou persoonslêers van alle werknemers op datum.

2.1.9 Die kerkraad neem verantwoordelikheid vir die aflos van personeel (insluitend die leraar) en taak die kerkkantoor met die reëling daarvan.

**2.2 Finansies**

2.2.1 Die kerkraad wys 'n rekenpligtige beampte aan om toe te sien dat die volgende werksaamhede in die kerkkantoor plaasvind. Die kerkraad stel geskikte persoon(e) aan om die take te hanteer.

2.2.2 Reik kwitansies uit vir alle gelde ontvang.

2.2.3 Deponeer so spoedig moontlik bedrae ontvang in die bankrekening van die gemeente.

2.2.4 Doen alle betalings in opdrag van die kerkraad sodat dit voldoen aan aanvaarde rekeningkundige praktyk. Ontvang hiervoor 'n kwitansie of bewysstuk.

2.2.5 Sien toe dat alle gelde, finansiële boeke en state, asook dokumente in veilige bewaring gehou word.

2.2.6 Voer Reglement AS24 uit waar toepaslik.

2.2.7 Stuur jaarliks Vorm A en B aan die Ringskommissie van Administrasie ooreenkomstig Bepaling 31.8.2.2.

2.2.8 Voorsien jaarliks 'n volledige stel state van die gemeente se fondse aan die kerkraad vir goedkeuring. Hierdie finansiële state moet deur 'n onafhanklike ouditeur of ander geregistreerde rekenkundige deur middel van 'n oorsig nagegaan word. Verwys ook na Reglement 6, Kerklike fondse.

2.2.9 Betaal alle salarisse en lone soos deur die kerkraad bepaal.

2.2.10 Betaal alle gelde vir versending oor aan die betrokke instansies.

2.2.11 Die kerkraad wys ten minste twee persone aan wat gesamentlik magtiging moet gee vir alle finansiële transaksies.

2.2.12 Waar 'n kerkraad skuld aangaan van meer as 12.5% van sy bruto inkomste van die vorige boekjaar, word die vergadering verwys na Kerkorde Bepaling 31.8.2.4.

# REGLEMENT 3

## REGLEMENT VIR RINGSWERKSAAMHEDE

Hierdie reglement word gelees saam met die betrokke Kerkordelike Artikels en Bepalings.

### 1. SAMESTELLING VAN DIE RING

1.1 Die Ring word saamgestel deurdat die kerkraad vir elke afgevaardigde leraar 'n bevestigde kerkraadslid afvaardig (sien ook Bepaling 30.1).

1.2 Kennisgewing van 'n ringsvergadering word deur die Ring bepaal.

1.3 Ringsvergadering vind jaarliks plaas voor 31 Oktober.

1.4 Geloofsbriewe (Vorm 13) moet ten minste 30 dae voor die vergadering in die hande van die ringskriba wees.

### 2. WERKSAAMHEDE VAN DIE RING

2.1 Die werksaamhede van die ring word hanteer by Artikel 31 van die Kerkorde asook Bepaling 31 met aantekening.

2.2 Ringe sien toe dat gemeentes hul geldelike verpligtings ten opsigte van sinodale kollektes en verpligte bydraes nakom.

### 3. WERKSAAMHEDE VAN DIE RINGSKRIBA

3.1 Die ringskriba is belas met die opstel en instuur van beskrywingspunte van die ring aan die skriba van die Sinode.

3.2 Die ringskriba stuur jaarliks 'n volledige stel geouditeerde state van die ring se fondse aan die Sinodale Kommissie ooreenkomstig Bepaling 31.8.2.5.

3.3 Voer Reglement AS11 uit.

3.4 Gee kennis deur die amptelike kerkorgaan van die bevestiging van 'n leraar in die ringsgebied.

3.5 Gee kennis aan die Direkteur Sinode van alle gevalle van emeritering, verlies van bevoegdheid of afsterwe van leraars in die ring.

### 4. HANTERING VAN RINGSFONDSE

Die ring bou 'n ringsfonds op. Die insameling daarvoor geskied deur kollektes of vaste bydraes van elke gemeente in sy gebied te vorder. Hierdie fonds word aangewend vir die koste in verband met administrasie, of enige onderneming van ringsbelang. Die ringskriba of aangewese persoon uit die ringsvergadering hou die fonds in bewaring en administreer dit volgens opdrag van die ring. By elke vergadering word 'n geouditeerde verslag van inkomste en uitgawes aan die ring en voor 30 September aan die Sinodale Kommissie voorgelê.

# REGLEMENT 4

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE KANTOOR

### 1. PERSONEEL

1.1 Die aantal poste in die sinodale kantoor word bepaal deur die Sinode.

1.2 Die vulling van poste geskied deur die Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge in samewerking met die Sinodale Kommissie.

1.3 Diensooreenkomste en pligtestate van die personeel word deur die Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge met die betrokke persone onderhandel.

1.4 Die Direkteur Sinode funksioneer as die kantoorhoof en beskik oor alle tekenmagte namens die Sinode soos deur die Sinodale Kommissie aan hom/haar opgedra.

1.5 As uitvoerende amptenaar van die Sinode is die Direkteur Sinode in adviserende hoedanigheid lid van die Sinode, moderatuur en Sinodale Kommissie. Die verhinder hom/haar nie om afgevaardig te word en ten volle lid te wees nie.

1.6 Die Direkteur Sinode is ampshalwe die skriba van die Sinode en is derhalwe nie verkiesbaar in 'n ander hoedanigheid op die moderatuur nie.

### 2. DIE SINODALE KANTOOR IS VIR DIE VOLGENDE DIENSTE VERANTWOORDELIK:

2.1 Die administrasie van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die Sinode, met inagneming van onder andere Reglement 5, Reglement 6, Reglement AS24, Artikel 35.4, Bepaling 35.8.1.4.5.

2.2 Die administrasie van sinodale aanslae, toekennings en verdeling van bydraes onder gemeentes/ringe.

2.3 Die versekering van alle roerende en vaste bates van die Sinode.

2.4 Die versekering teen regsaanspreeklikheid vir alle amptenare in die sinodale kantoor.

2.5 Die aansoek om aanstelling van predikante as huweliksbevestigers.

2.6 Die behartiging van die argiefbelange (Reglement 9) van die NG Kerk in Oos-Kaapland.

2.7 Die behartiging van die skribaat van die Sinode en die Sinodale Kommissie in ooreenstemming met Reglement 1.

2.8 Die tuiskoms van die beplanning en besluite van die Sinode en Sinodale Kommissie by die ringe en gemeentes.

2.9 Die bestuur van die navorsing- en begeleidingsnetwerk van die Sinode.

2.10 Die bestuur van die kommunikasie tussen die sinodale kantoor (netwerke ingesluit) en die gemeentes in die sinodale gebied.

# REGLEMENT 5

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE FONDSEKOMMISSIE

### 1. SAMESTELLING

1.1 Drie kundige lede deur die Sinodale Kommissie benoem.

1.2 Die Direkteur Sinode (ampshalwe skriba).

1.3 Sekundi word deur die Sinodale Kommissie aangewys.

1.4 Die Sinodale Fondsekommissie funksioneer as 'n subkommissie van die Sinodale Kommissie.

### 2. TAAK

2.1 In aanbeveling en in oorleg met die Sinode/Sinodale Kommissie of sy dagbestuur kan die volgende take aan die Sinodale Fondsekommissie opgedra word:

2.1.1 Die finansiële beplanning en strategie van die Sinode.

2.1.2 Die bestuur van die Sinode se fondse sodat die roeping van die Sinode prioriteit geniet.

2.1.3 Die bestuur van die Sinode se fondse sodat gemeentes en meerdere kerkvergaderinge in staat gestel word om hulle roeping uit te leef.

2.1.4 Die opstel van die begroting van die Sinode.

2.1.5 Die begroting, bestuur en toesig van fondse, finansies, goedere en eiendomme van die Sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die Direkteur Sinode (sien Reglement AS20).

2.1.6 Die nodige skakeling insake fondse met kerkrade, ringe, ander sinodes en die Algemene Sinode.

2.2 Die Sinodale Fondsekommissie doen verslag aan die Sinodale Kommissie.

# REGLEMENT 7

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE REGSKOMMISSIE

### 1. NAAM

Sinodale Regskommissie

### 2. SAMESTELLING

2.1 Sewe lede met sekundi deur die Sinode aangewys, wat insluit:

2.1.1 Die aktuarius van die Sinode.

2.1.2 Ten minste een regsgeleerde wat deur die Sinodale Regskommissie aangewys word

2.1.3 Ten minstens 1 kerkraadslid en 1 predikant

2.1.4 Die Sinodale Regskommissie het die reg om kundige lede te koöpteer.

2.2 Die Sinodale Regskommissie kies 'n voorsitter en 'n skriba uit eie geledere.

2.3 Die dagbestuur van die Sinodale Regskommissie bestaan uit die voorsitter, die skriba en die aktuarius.

### 3. OPDRAG

3.1 Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Regskommissie om:

3.1.1 na afloop van elke Algemene Sinode, die besluite wat verandering aan die bepalinge en reglemente mag vereis, te verwerk en aan die Sinode/Sinodale Kommissie voor te lê vir goedkeuring en publikasie;

3.1.2 na afloop van elke Sinode saam met die aktuarius verantwoordelik te wees vir die voorbereiding, samestelling en publikasie van 'n bundel wat die Kerkorde aanvul met bepalinge, reglemente, vorms en ander funksionele besluite;

3.1.3 'n studie te maak van sake wat deur die Sinode/Sinodale Kommissie na hom verwys is;

3.1.4 alle bevoegdheidsaansoeke wat voor die Sinodale Kommissie dien na te gaan en die sinodale kommissie met kerkregtelike advies te bedien;

3.1.5 die aktuarius by te staan in advies oor kerkregtelike aangeleenthede aan lidmate, kerkrade, ringe en kommissies van die Sinode (sien Reglement 8.2.1);

3.1.6 oor kerkregtelike sake met ringe en gemeentes te skakel en om, indien nodig, toerustingsgeleenthede van kerkregtelike aard te hou; en

3.1.7 as skakel tussen die Sinode en die Algemene Bevoegdheidsraad vir predikante te dien.

3.1.8 'n appèlliggaam aan te wys wanneer 'n appèl by die skriba van die Sinode ingedien word.

# REGLEMENT 8

## REGLEMENT VIR DIE AKTUARIUS

Die aktuarius is 'n verkose lid van die moderatuur wat die Sinode met kerkreg-advies bedien.

### 1. DIE AKTUARIUS IS UIT HOOFDE VAN SY/HAAR AMP LID VAN DIE:

1.1 Sinodale Kommissie en Dagbestuur

1.2 Sinodale Regskommissie

### 2. DIE AKTUARIUS:

2.1 gee advies oor die Kerkorde, reglemente en besluite van die Sinode aan alle persone, kerkrade, meerdere vergaderinge en netwerke wat daarom vra;

2.2 maak, in samewerking met die Sinodale Regskommissie, die sinodale bepalings, reglemente, vorms en tersaaklike besluite van die Sinode so gou as moontlik gereed vir publikasie;

2.3 doen verslag van sy/haar werksaamhede aan die Sinodale Kommissie;

2.4 gee uitvoering aan al die opdragte wat aan hom/haar in die Kerkorde, reglemente en besluite van die Sinode vervat word.

9.2.1 van 'n onafhanklike mediese praktisyn wat die fisiese gesondheid van die aansoeker bevestig;

9.2.2 van 'n onafhanklike psigiater wat die psigiese toestand van die aansoeker beskryf.

9.2.3 Die koste van hierdie verslae is vir die rekening van die aansoeker.

9.2.4 Die ring kan volgens eie diskresie enige ander getuienis oor die aansoeker inwin.

9.2.5 Hierdie ring ondersoek die aangeleentheid met inagneming van artikel 66.4.5 van die Kerkorde. In die geval van 'n eertydse predikant word die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied die persoon woonagtig was tydens en sedert die bevoegdheid verloor is. Getuienis kan ook van kerkrade en ringe ingewin word waar die persoon woonagtig was voordat daar uit die bediening getree is. In die geval van 'n eertydse proponent word sover moontlik die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied die persoon woonagtig was voor én nadat proponentsbevoegdheid verloor is.

9.2.6 Die ringskommissie moet

9.2.6.1 al die dokumente met getuienis vooraf deeglik bymekaar maak;

9.2.6.2 indien daar tugmaatreëls toegepas is, deeglik navraag doen na die omstandighede en ook moontlike herstellende maatreëls met die applikant tref (sien 9.1.1.7);

9.2.6.3 vooraf 'n onderhoud met die applikant voer;

9.2.6.4 vasstel of die aansoeker weens 'n nadelige gerug of voor tugondersoek bedank het. (Indien sodanige ondersoek nie voltooi is nie, moet die ring wat oorspronklik die klag/gerug in ontvangs geneem het, die onvoltooide ondersoek eers afhandel voordat die nuwe aansoek hanteer kan word.);

9.2.6.5 al die dokumentasie versamel, die saak deeglik ondersoek, evalueer aan die hand van al die getuienis en omstandighede en 'n aanbeveling aan die ring maak; en

9.2.6.6 'n ringsitting belê, waarna die volle ring die aansoek en aanbeveling van die ringskommissie evalueer en 'n aanbeveling aan die moderamen maak.

9.2.7 Die ring mag 'n billike kosteverhaling van die aansoeker vereis. Die aansoeker word by die indien van die aansoek deur die ring daarvan in kennis gestel.

9.3 Die ring voorsien die sinode/sinodale kommissie/moderamen binne wie se gebied die ring val, van al die tersaaklike stukke, 'n verslag en aanbevelings.

9.3.1 Die skriba van die sinode besorg al die dokumentasie aan die aktuarius van die sinode vir advies, wat dit weer op sy beurt aan die Algemene Taakspan Predikantesake stuur met die oog op advies.

9.3.2 Die sinodale regskommissie / kerkordekommissie neem hierna al die dokumente in behandeling, voer ter vergadering 'n onderhoud met die aansoeker en maak 'n aanbeveling vir die moderamen/ sinodale kommissie.

12.2.1 'n Predikant/diensleraar/standplaasleraar ouer as 65 jaar en jonger 70 kan na emeritering slegs in 'n Vastetermynpos beroep word. (Vergelyk Reglement 16 vir Vastetermyn Predikantspos).

12.2.2 Vir predikante/diensleraars/standplaasleraars in vastetermynposte tussen die ouderdom van 65 en 70 is daar bepaalde vereiste kriteria waaraan voldoen moet word, byvoorbeeld mediese geskiktheid, VBO, ens.

12.2.3 Emeriti jonger as die voorgeskrewe aftreeouderdom mag in enige predikantspos/diensleraarspos/standplaasleraarspos waarvoor hulle kwalifiseer beroep word.

12.3 Geen predikant/diensleraar/standplaasleraar kan na ouderdom 70 jaar in enige predikantspos diens doen nie.

12.4 Die ring, onder wie se opsig 'n predikant/diensleraar/standplaasleraar by emeritering staan, reik aan die predikant by emeritering die Akte van Demissie by Emeritaat uit.

12.5 Die Akte van Demissie by Emeritaat word onderteken deur die voorsitter en skriba van die ring.

12.6 Die skriba van die ring stel die betrokke sinodale kantoor, die pensioenkantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake én die Kerkbode van die emeritering in kennis.

12.7 Die Akte van Demissie by Emeritaat kan tydens 'n vergadering of erediens namens die ring oorhandig word.

## 13. AFSTERWE VAN PREDIKANT/DIENSLERAAR/ STANDPLAASLERAAR

13.1 Wanneer ’n predikant/diensleraar/standplaasleraar wat in diens van ’n gemeente staan te sterwe kom, is sy/haar huweliksmaat en afhanklike kinders geregtig op die volledige vergoedingspakket totdat die pensioenvoordele uitbetaal, met 'n maksimum van drie maande (reistoelae uitgesluit), asook drie maande behuisingsvoordele.

13.2 Sinodes tref hulle eie reëlings hieroor.

13.3 Bogenoemde reëling is ook van toepassing in geval van die afsterwe van predikante in diens van die kerkverband.

## KONTROLELYS VIR DIE STAPPE IN DIE BEROEPINGSPROSES VAN PREDIKANTE, DIENSLERAARS EN STANDPLAASLERAARS

| **VAKATURE** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
|---|---|---|---|
| 1 | Watter soort pos word gevul? | 13-19 | |
| 2 | Indien nuwe pos is, moet goedkeuring van die ring verkry word. | 13-19 | |
| 3 | Finansiële volhoubaarheid van die pos deur ring gekontroleer en goedgekeur. | 13.2.3 en 2.2 van 14-19 | |
| **VOORBEREIDING** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
| 4 | Kerkraad bepaal kriteria en posvereistes. | 12.4.2 | |
| 5 | Kerkraad kry skriftelike bevestiging van ATP dat kandidate op groslys wel beroepbaar is. | 12.4.3.2 | |
| 6 | Beroeping geskied aan die hand van groslys wat op een van die volgende maniere saamgestel kan word: | 12.4.3 | |
| 6.1 | Lede van die kerkraad kan name op die lys plaas. | 12.4.4.1 | |
| 6.2 | ATP kan versoek word om name deur te gee. | 12.4.4.3 | |
| 6.3 | Lidmate kan name via die kerkkantoor op die lys laat plaas. | 12.4.4.4 | |
| 6.4 | 'n Advertensie (Kerkbode) kan geplaas word. | 12.4.4.5 | |
| 7 | Kerkraad kan van 'n preadvies kommissie gebruik maak om verslag op te stel met die oog op die beroep. | 12.4.6-12.4.9 | |
| **BEROEPSBRIEF** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
| 8 | Kerkraad stel beroepsbrief voor vergadering op en ring keur dit goed. | 12.5.1<br>13.2.7 | |
| 9 | Ringskommissie adviseer kerkraad in opstel van brief. | 12.5.1 | |
| 10 | Beroepsbrief is slegs diensaanbod (Artikel 9 & Artikel 13). | 12.5.4 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 | Alle ander diensvoorwaardes word eers onderhandel nadat beroep uitgebring is. | 12.5.6 | |
| **BEROEPINGSVERGADERING** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
| 12.1 | Verteenwoordiger van die ring woon die vergadering by. | 12.4.10 | |
| 12.2 | Beroeping vind per geslote stembrief plaas. | 12.4.11 | |
| 12.3 | Aanwesige kerkraadslede moet 'n kworum wees. | 12.4.11.1 | |
| 12.4 | Elke lid moet stem. | 12.4.11.2 | |
| 12.5 | Persoon wat beroep word moet met volstrekte meerderheid verkies word. | 12.4.11.5 | |
| 12.6 | Voorsitter gee dadelik (in vergadering) kennis aan persoon wat beroep is. | 12.6.1 | |
| 12.7 | Kennis van die beroep (asook bedanking daarvan indien wel) word onverwyld aan die Kerkbode deurgegee. | 12.6.2 | |
| **GOEDKEURING** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
| 13 | Die naam van die beroepende word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente vir goedkeuring (approbasie) bekend gemaak. | 12.7.1 | |
| 14 | Enige lid van die beroepende gemeente kan beswaar teen die beroep maak tot 24 uur na die tweede afkondiging. | 12.8.1 | |
| 14.1 | Besware word hanteer aan die hand van reglement 12.8 en reglement 23. | 12.8 & 23 | |
| 15 | Na approbasie en tyd vir beswaar verstreke is, lê die kerkraad/skriba die volgende stukke aan die ring voor vir goedkeuring. | 12.7.2 | |
| 15.1 | 1. Skriftelike bevestiging van die ATP dat die beroepende bevoegdheid het. | 12.7.3.1 | |
| 15.2 | 2. Skriftelike bevestiging van beroepende se huidige gemeente dat persoon lidmaat is. | 12.7.3.2 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15.3 | 3. Skriftelike bevestiging van verteenwoordiger van die ring dat die korrekte kerkordelike prosedures tydens vergadering gevolg is. | 12.7.3.3 | |
| 15.4 | 4. Voltooide beroepsbrief deur gevolmagtigdes van kerkraad onderteken. | 12.7.3.4 | |
| 15.5 | 5. Skriftelike bevestiging van die ring waar beroepende woon dat daar geen tugsake teen die persoon is nie. | 12.7.3.5 | |
| 15.6 | 6. Skriftelike bevestiging van beroepende vergadering dat geen wettige beswaar ingebring is. | 12.7.3.6 | |
| 16 | Ringskommissie kontroleer stukke of daar aan die kerkordelike vereistes voldoen is en keur die beroep goed/nie goed. | 12.7.6 | |
| 17 | Na goedkeuring word die beroepsbrief aan die beroepende gestuur. | 12.7.6 | |
| 18 | Beroepende het hoogstens 14 dae na ontvangs om daarop te antwoord. | 12.7.7 | |
| **DIENSOOREENKOMS** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
| 19 | Na oorweging van die bepalings van die beroepsbrief word 'n diensooreenkoms opgestel. | 12.9.1 | |
| 20 | Die diensooreenkoms moet ooreenkomstig reglement 12.9 opgestel word. | 12.9.2-<br>12.9.2.8 | |
| 21 | Die finale diensooreenkoms word eers aan ringskommissie voorgelê vir goedkeuring. | 12.9.3 | |
| 22 | Na die ring se goedkeuring word die diensooreenkoms deur partye geteken. | 12.9.3 | |
| 23 | Die diensooreenkoms kan van tyd tot tyd verander word met instemming van beide partye EN die goedkeuring van die ring. | 12.9.4 | |
| **BEVESTIGING** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
| 24 | Voor bevestiging plaasvind, stuur die kerkraad die volgende stukke aan die ring deur vir kontrole en goedkeuring. | 12.10.1.1 | |
| 24.1 | 1. Afskrif van getekende diensooreenkoms; | 12.10.1.1.1 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24.2 | 2. Afskrif van persoon se akte van demissie/attestaat/ akte van legitimasie/getuigskrif; | 12.10.1.1.2 | |
| 24.3 | 3. Skriftelike bevestiging van pensioenkantoor. | 12.10.1.1.4 | |
| 25 | Skriba rig 'n uitnodiging aan ringsleraars en ander om bevestiging by te woon. | 12.10.3 | |
| 26 | Bevestiging geskied deur leraar van gemeente/konsulent/ander leraar deur die ring/konsulent versoek. | 12.10.4 | |
| 27 | Bevestiging van proponent geskied met handoplegging. | 12.10.6 | |
| 28 | Bevestiging vind sou gou moontlik na al bogenoemde stappe gevolg is, plaas. | 12.10.7 | |
| **NA BEVESTIGING** | | **Reglement** | **Gedoen / Datum** |
| 29 | Kerkraad stuur aan die ring, sinodale kantoor, ATP en Kerkbode die volgende: | 12.10.8 | |
| 29.1 | 1. Basiese biografie van persoon wat bevestig is | 12.10.8.1 | |
| 29.2 | 2. vorige gemeente/werkkring | 12.10.8.2 | |
| 29.3 | 3. datum van bevestiging | 12.10.8.3 | |
| 29.4 | 4. gemeente waarin persoon bevestig is | 12.10.8.4 | |
| 29.5 | 5. persoon se naam wat bevestiging waargeneem het | 12.10.8.5 | |
| 29.6 | 6. Enige verandering in bevoegdheid wat plaas gevind het | 12.10.8.6 | |
| 30 | Ingeval van proponent wat bevestig is, word sinodale kantoor gekontak om aansoek te doen vir aanstelling as huweliksbevestiger. | 12.10.9.1 | |
| 31 | Aktuarius van sinode reik Akte van Bevestiging uit. | 12.10.9.2 | |

## 5. DIENSBEËINDIGING

5.1 'n Predikant in 'n voltydse predikantspos tree by aanvaarding van 'n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente / kerkverband.

5.2 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.

5.3 'n Predikant in 'n voltydse pos se diens aan die gemeente kan weens wangedrag, ongeskiktheid en bedryfsvereistes beëindig word. (vergelyk Reglement 21 vir die Bestuur van Diensverhoudinge vir Predikante by Ongeskiktheid en Onvermoë en Reglement 22 vir Tug en Vermaning).

## 6. VERGOEDING VIR PREDIKANTE

6.1 Predikant in 'n voltydse predikantspos

6.1.1 'n Kerkraad (of ring/sinode) se verantwoordelikheid teenoor 'n predikant in 'n voltydse predikantspos is o.a. die volgende:

6.1.1.1 'n salaris in ooreenstemming met die riglyne van die Algemene Sinode;

6.1.1.2 'n reistoelae in ooreenstemming met die riglyne van die Algemene Sinode;

6.1.1.3 gratis huisvesting (waarby water en elektrisiteit, binne perke ingesluit is), of 'n behuisingstoelaag (markverwant soos binne die grense van die gemeente). In geval van 'n behuisingstoelaag moet die gemeente 'n kantoorfasiliteit voorsien;

6.1.1.4 rekenaar-en drukkerfasiliteite vir amptelike gebruik;

6.1.1.5 'n telefoontoelaag en/of selfoontoelaag vir amptelike gebruik;

6.1.1.6 minstens 50% van die premie van 'n goedgekeurde mediese fonds;

6.1.1.7 deelhebberbydrae tot die amptelike pensioenfonds van die sinode; en

6.1.1.8 verlof ooreenkomstig Reglement 20 vir Verlof van Predikante.

# REGLEMENT 19

## REGLEMENT VIR GEKOPPELDE PREDIKANTSPOS

### 1. AARD

1.1 'n Gekoppelde predikantspos is 'n pos waar 'n NG Kerk predikant buite die konteks van 'n gemeente werk verrig, maar steeds as deel van die kerkverband wil funksioneer. Hierdie werk geskied tipies binne die kerkverband, of het 'n kerklike karakter, of moet voldoen aan posvereistes wat slegs deur 'n predikant gevul kan word. Dit sluit in predikante in sinodale diens, kerklike dosente, kapelane, predikante in nie-regeringsorganisasies, die Bybelgenootskap ens.

1.2 'n Gekoppelde pos is 'n pos in 'n gemeente waar geen diensvoordele, vergoeding of kompensasie vir dienste, diensooreenkoms en pligtestaat van toepassing is nie.

1.3 'n Gekoppelde pos kan slegs geskep word vir iemand wie se beroep dit vereis dat hy/sy oor predikantsbevoegdheid beskik en kan daarom nie geskep word om die bevoegdheid van predikant te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

### 2. SKEP EN VUL VAN DIE POS

2.1 Indien 'n predikant aan 'n gemeente gekoppel wil word, nader hy/sy die kerkraad in oorleg met sy werkgewer.

2.2 Die kerkraad besluit om 'n gekoppelde pos te skep en rig 'n versoek, met 'n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde vir goedkeuring.

2.3 Nadat goedkeuring van die ring ontvang is, formaliseer die kerkraad die pos deur:

2.3.1 die naam van die persoon vir approbasie aan die gemeente voor te hou;

2.3.2 die persoon te bevestig in die amp, met 'n opdrag wat verband hou met die beroep/bediening wat hy/sy beoefen;

2.3.3 'n ooreenkoms op te rig wat die verhouding tussen die gekoppelde predikant en die kerkraad beskryf.

2.4 Hierdie ooreenkoms bevat minstens die volgende bepalings:

2.4.1 geen pligte word aan die persoon opgedra nie, behalwe as anders ooreengekom;

2.4.2 geen vergoeding of kompensasie van enige aard is ter sprake nie, behalwe waar anders ooreengekom;

2.4.3 die gekoppelde pos termineer wanneer die persoon nie meer die pos van sy/haar beroep vul nie.

2.5 By die skep van 'n gekoppelde pos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereiste van hierdie reglement voldoen word.

# REGLEMENT 22

## REGLEMENT VIR KERKLIKE TUG EN VERMANING

### Raamwerk vir die kronologiese verloop van 'n kerklike tugproses

1. Vertrekpunte
2. Tugliggaam
3. Aanleiding tot 'n kerklike tughandeling
   - 3.1 Nadelige gerug
   - 3.2 Skriftelike klag
   - 3.3 Skriftelike verslag
   - 3.4 Aanmelding
4. Samestelling en aanwysing van 'n kerklike tugliggaam
   - 4.1 Kerkraadstugliggaam
   - 4.2 Ringstugliggaam
   - 4.3 Verdere bepalings oor aanwysing van ondersoek- en tugliggame
5. Stuiting in ampsdiens
6. Bepaling van die meriete vir 'n kerklike tugondersoek
7. Voorbereiding vir 'n ondersoek
   - 7.1 Opskrifstelling van bewerings
   - 7.2 Kennisgewing van die kerklike tugondersoek en besorging van die bewerings aan die aangeklaagde
8. Vereistes en prosedure vir die tugliggaam
9. Vereistes en prosedure vir 'n ondersoekvergadering
   - 9.1 Teenwoordigheid in die ondersoekvergadering
   - 9.2 Aanvang en prosedurele reëlings vir die ondersoekvergadering
   - 9.3 Verloop en aard van die ondersoekvergadering
   - 9.4 Getuies
10. Bevinding en besluite van die tugliggaam
    - 10.1 Bevinding
    - 10.2 Dissiplinêre maatreëls
    - 10.3 Kennisgewing van die bevinding en dissiplinêre maatreëls
11. Reëlings rondom 'n appèl
12. Kostes verbonde aan kerklike ondersoeke
13. Reëlings met betrekking tot diensbeëindiging

2.1.3 'n Kerklike tugondersoek na die leer en/of lewe van 'n ouderling of diaken geskied deur die ring of sy gevolmagtigde tugliggaam.

2.1.4 'n Kerklike tugondersoek na die leer en/of lewe van 'n gelegitimeerde met ampsbevoegdheid (byvoorbeeld: predikant, emeritus, proponent, standplaas- of diensleraar), geskied deur die gevolmagtigde tugliggaam van die ring onder wie die lidmaatskap van die persoon ressorteer. Alhoewel die kerkraad of kerkverband die primêre werkgewer van die gelegitimeerdes is, is die voortgaande diensverbintenis afhanklik van die opsig en tug wat die ring uitoefen ten opsigte van ampsbevoegdheid.

## 3. AANLEIDING TOT 'N KERKLIKE TUGONDERSOEK

3.1 'n Kerklike tugondersoek vind plaas na aanleiding van 'n:

3.1.1 **Nadelige gerug**

'n Nadelige gerug is 'n gerug (byvoorbeeld mondelings, sosiale media, of elektronies soos e-pos) wat versprei word oor 'n lidmaat, ampsdraer of gelegitimeerde.

3.1.2 **Skriftelike klag/bewering**

'n Klag (teen 'n lidmaat, ampsdraer of gelegitimeerde) kan skriftelik voor 'n bevoegde kerkvergadering gebring word. So 'n skriftelike klag/bewering moet die volgende elemente bevat: aard (beskrywing), tyd/periode en plek van die beweerde oortreding. Indien die klag dit nie bevat nie, moet hierdie elemente bygevoeg word indien enigsins moontlik.

3.1.3 **Amptelike verslag**

'n Amptelike verslag is 'n skrywe van 'n ander kerklike vergadering (byvoorbeeld kerkraad) wat 'n saak teen 'n lidmaat of ampsdraer of 'n gelegitimeerde vir kerkordelike hantering by die kerkraad/ring aanhangig maak.

3.1.4 **Aanmelding**

Enige lidmaat of ampsdraer wat oordeel dat hy/sy verdink kan word van 'n oortreding wat hom/haar in terme van Artikel 61 van die Kerkorde impliseer en besorg is oor die moontlike impak daarvan op die gemeente en sy/haar geloofwaardigheid en getuienis, kan die betrokke kerkvergadering nader om die aangeleentheid kerkordelik te hanteer.

3.2 Enige skriftelike klag/bewering, nadelige gerug, skriftelike verslag of aanmelding word deur 'n kerkvergadering of sy gevolmagtigde (bv. ringskommissie) in ontvangs geneem en sonder enige beoordeling en/of hantering na die aangewese gevolmagtigde tugliggaam, verwys vir hantering.

## 4. SAMESTELLING EN AANWYSING VAN 'N KERKLIKE TUGLIGGAAM

Die verantwoordelike kerkvergadering (kerkraad of ring) wys 'n gevolmagtigde tugliggaam met volle afhandelingsbevoegdheid aan op die volgende wyse:

verhelderende gesprekke te voer met die aanbringer van die klag/nadelige gerug wat groter duidelikheid kan verskaf.

6.2 Die aard van hierdie vasstelling word aan die diskresie van die tugliggaam oorgelaat en moet so gedoen word dat 'n moontlike tugondersoek nie daardeur benadeel word nie.

6.3 Op grond van inligting tot beskikking van die tugliggaam, kan die tugliggaam besluit om die bewerings op een van die volgende wyses te hanteer:

6.3.1 dat dit nie ontvanklik is nie en van die hand gewys word;

6.3.2 herderlike sorg;

6.3.3 versoeningsaksie;

6.3.4 kerklike mediasie.

6.4 Indien enige wyse van hantering (anders as 'n formele ondersoek) nie suksesvol is nie of na die oordeel van die tugliggaam nie gepas is nie, word 'n formele kerklike tugondersoek gedoen.

6.5 Indien besluit word om nie 'n formele kerklike tugondersoek na die leer en/of lewe van die aangeklaagde te doen nie, moet die aanbringer van die klag of die nadelige gerug of verslag, die aangeklaagde, asook die betrokke kerkvergadering skriftelik daarvan in kennis gestel word, met opgaaf van redes.

6.6 'n Klag, nadelige gerug, skriftelike verslag of aanmelding wat ontvang is, word nadat besluit is om 'n kerklike tugondersoek te doen, die besit van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tugliggaam en kan nie sonder toestemming van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tugliggaam teruggetrek word nie.

6.7 Indien 'n lidmaat of ampsdraer voor die aanvang van of tydens 'n tugondersoek bedank, voltooi die tugliggaam die tugondersoek asof die persoon steeds 'n lidmaat en/of in die amp is, en gee kennis van die bevinding en gepaardgaande maatreëls aan die belanghebbendes, die betrokke kerkvergaderings soos bv. die betrokke kerkraad en ring, asook die Algemene Taakspan Predikantesake.

6.8 Aan die hand van Artikel 61 moet onder meer die volgende oortredings as tugwaardige sondes ondersoek word: owerspel, onsedelikheid, seksuele teistering, molestering, pornografie, egskeiding, moord, aanranding, meineed, diefstal, bedrog, rassisme, haatspraak, laster, leerdwaling, skeurmakery asook die oortreding van die gedragskode van predikante.

## 7. VOORBEREIDING VIR 'N ONDERSOEK

### 7.1 <u>Opskrifstelling van bewerings</u>

7.1.1 Indien besluit word om die klag, nadelige gerug of verslag te ondersoek, sien die tugliggaam toe dat die bewerings behoorlik op skrif gestel word.

7.1.2 In die geval van 'n klag of nadelige gerug kan die tugliggaam die aanbringer van die klag ken in die formulering van die bewerings.

7.1.3 'n Geformuleerde klag wat kerklik ondersoek word, moet sover moontlik skriftelik die aard, plek en tyd/periode van die beweerde tugwaardige sonde vermeld.

7.2 **Kennisgewing van die tugondersoek en besorging van die bewerings aan die betrokke partye**.

7.2.1 Indien die tugliggaam besluit om die bewerings te ondersoek, word in die geval van ampsdraers en ander gelegitimeerdes, die aangeklaagde en die kerkraad waar hy/sy lidmaat is, onmiddellik skriftelik in kennis gestel dat klagtes ontvang is wat ondersoek gaan word. Hierdie kennisgewing bevat ook die algemene aard van die bewerings, dat 'n datum van die formele tugondersoek so gou moontlik vasgestel sal word en dat die geformuleerde bewerings ingevolge 7.2.2 aan die aangeklaagde besorg sal word.

7.2.2 Die formele skriftelike kennisgewing van die geformuleerde bewerings moet ten minste sewe dae vóór die aanvang van die tugondersoek skriftelik aan die aangeklaagde besorg word. Hierdie kennisgewing moet onder andere die volgende bevat:

7.2.2.1 die samestelling van die tugliggaam en 'n versoek dat die aangeklaagde daarop reageer aan die hand van 4.3.3 van hierdie reglement.

7.2.2.2 die tyd en die plek waar die tugondersoek sal plaasvind.

7.2.2.3 'n herinnering aan die aangeklaagde se regte in terme van die Kerkorde en hierdie reglement soos:

7.2.2.3.1 die reg om deur 'n NG Kerk lidmaat ondersteun te word.

7.2.2.3.2 die reg om getuies te roep (of skriftelike bewyse aan te bied) om die bewerings te weerlê.

7.2.2.3.3 en sy plig om vooraf die tugliggaam in te lig oor sy getuies.

7.2.3 Die kerkraad/werkgewer van die aangeklaagde word terselfdertyd in kennis gestel van die kerklike tugondersoek en datum daarvan.

## 8. VEREISTES EN PROSEDURE VIR DIE TUGLIGGAAM

8.1 Die tugliggaam maak erns met voorskrifte van Artikel 59.2 van die Kerkorde te wete, die eer van God, heil van die kerk en die behoud van die sondaar.

8.2 Die tugliggaam moet so ver moontlik binne veertien dae na ontvangs van die klagte met die proses van die ondersoek begin en dit so ver moontlik binne redelike tyd na die aanvang van die tugondersoek afhandel.

8.3 Enige lid wat in 'n kerklike tugliggaam dien en aan 'n tugondersoek deelneem, behou sittingsreg in die tugliggaam tot die tugondersoek voltooi is. Indien iemand weens onvoorsiene omstandighede nie kan voortgaan in die tugliggaam

nie, gaan die tugliggaam voort met sy werksaamhede met dien verstande dat die tugliggaam nie minder as drie lede kan wees nie, ongeag wie onttrek.

Die lede van 'n tugliggaam wat tot 'n bevinding kom en oor maatreëls besluit moet almal vir die volle duur van die kerklike ondersoek teenwoordig wees.

## 9. VEREISTES EN PROSEDURE VIR DIE VERGADERING VAN DIE TUGONDERSOEK

9.1 'n Kerklike tugondersoek geskied met die oog op die vasstelling- en billike beoordeling van die feite en die soeke na die waarheid. Dit is nie 'n regsgeding of juridiese aangeleentheid tussen twee partye, die klaer en aangeklaagde, die eiser en verweerder nie. Al die betrokkenes moet verstaan dat hulle betrokke is in 'n kerklike tugondersoek wat ten doel het om die beste belang van alle partye te dien – en dat hulle hulle vir hierdie doel onderwerp aan die proses/ondersoek. Die sogenaamde "klaer" is dus nie 'n "party" in die kerklike tugondersoek nie, maar bloot 'n besorgde lid van die liggaam wat aanleiding gegee het tot die ondersoek. Die klaer is nie die "aanklaer" in die kerklike tugondersoek nie, maar kan as getuie optree. Die tugliggaam tree nie op as "regter" of "jurie" nie, maar as 'n besorgde lid van die liggaam van Christus wat soek na weë en middele vir hoe daar gehandel kan word om die eer van God, die welwese van die liggaam van Christus, asook die behoud van die sondaar ten beste te dien. As geloofsgemeenskap is onder andere die volgende waardes van belang in 'n kerklike ondersoek: versoening, berou, vergifnis, genesing, herstelde verhoudings, geloofwaardigheid van getuienis en die evangelie, integriteit van die amp, pastorale sensitiwiteit en die welwese van gemeentes/gelowiges.

9.2 **Teenwoordigheid in die ondersoekvergadering**

9.2.1 Die ondersoekvergadering is 'n geslote vergadering waar vertroulikheid in alle opsigte geld.

9.2.2 By die aanvang van die vergadering is die volgende persone teenwoordig: lede van die tugliggaam, die aangeklaagde en die persoon wat hom/haar ondersteun en die aanbringer van die bewering(s), indien enige.

9.2.3 Getuies word individueel in die vergadering toegelaat en verlaat die vergadering nadat die getuienis en ondervraging afgehandel is.

9.2.4 Getuies kan ook digitaal tot die vergadering toegelaat word onderworpe aan vertroulikheid reëlings.

9.2.5 Die betrokkenes is nie geregtig op iemand wat namens hulle optree nie, maar kan ondersteun word deur enige NG Kerklidmaat.

9.3 **Aanvang en prosedurele reëlings vir die ondersoekvergadering**

9.3.1 Die vergadering word met Skriflesing en gebed begin.

9.3.2 Die doel en die wese van die tug word verduidelik aan die hand van die vertrekpunte (sien ook 9.1) asook die prosedurele verloop van die tugproses soos bepaal in hierdie reglement.

9.3.3 Die vergadering kom ooreen op die waardes waarvolgens kerklike vergaderings geskied. Waardes soos:

9.3.3.1 in biddende afhanklikheid van God die Vader;

9.3.3.2 in erkenning van Jesus Christus as die hoof van die kerk;

9.3.3.3 onder leiding van die Heilige Gees; en

9.3.3.4 aan die hand van die Bybel, die belydenisskrifte en die Kerkorde

9.3.3.5 respek, deernis, vertroue, waarheid, eerlikheid, nederigheid, leerbaarheid en deursigtigheid.

9.3.4 Die voorsitter van die tugliggaam neem leiding om toe te sien dat die vergadering ordelik en kerkordelik korrek verloop. Die voorsitter tree nie as 'n voorsittende beampte op wat oor enige mag beskik is om as sodanig 'n finale beslissing in eie reg te maak nie. Alle besluite en bevindings word deur die volle tugliggaam geneem.

9.3.5 Die rol van die persoon wat moontlik die aangeklaagde ondersteun word verduidelik. Hierdie persoon kan die aangeklaagde moreel ondersteun en met advies bedien, maar mag net by uitsondering, met vergunning van die tugliggaam die vergadering toespreek.

9.3.6 'n Klankopname van die vergadering kan slegs deur die tugliggaam en met die nodige instemming van die betrokkenes gemaak word. Die klankopname is ter wille van die skribaat en bly die eiendom van die tugliggaam wat die toegang daartoe reguleer. Die tugliggaam kan bepaalde voorwaardes in die verband stel.

9.4 **<u>Verloop en aard van die ondersoekvergadering</u>**

9.4.1 Die bewerings teen die aangeklaagde word aan hom/haar voorgehou waarna hy/sy geleentheid kry om daarop te reageer.

9.4.2 Indien die aangeklaagde skuld erken, vra die tugliggaam verdere inligting en feite om die konteks, die omstandighede en die aard en erns van die oortreding te bepaal om die tugmaatreëls asook die geloofwaardigheid van die aanvaarding van aanspreeklikheid en egtheid van berou te bepaal. Dit geskied met die oog op verswaring of versagting.

9.4.3 Indien die aangeklaagde skuld ontken word die tugondersoek verder geneem.

9.4.4 Die aangeklaagde en die aanbringer van die bewerings kry geleentheid om hulle saak te stel en getuies ter ondersteuning te roep. Die tugliggaam kan ook getuies roep om meer lig op die saak te werp.

9.4.5 Tydens die ondersoek kry almal in die vergadering ruim geleentheid om vrae oor en weer aan die betrokkenes en alle getuies te vra. Die audi alteram partem-beginsel moet ten alle tye nagekom word.

9.4.6 Die ondersoek van bewerings vind deurentyd plaas in die teenwoordigheid van die aanbringer van die bewerings (indien enige) as primêre getuie sowel as die aangeklaagde.

9.4.7 Versagtende en verswarende omstandighede vorm deurlopend deel van die totale tugondersoek.

9.4.8. Indien enige van die betrokkenes weier om tydens die kerklike tugondersoek te verskyn of die voortgang van die kerklike tugondersoek verhinder, kan die tugliggaam met opgaaf van rede(s) die tugondersoek in afwesigheid van die bepaalde betrokkene(s) voortsit en afhandel.

9.5 **<u>Getuies</u>**

9.5.1 Die aanbringer van die bewerings, sowel as die aangeklaagde het die reg om getuies op te roep vir die ondersoek. Die betrokke tugliggaam kan self ook getuies oproep en getuienis aanbied om tot 'n behoorlike bevinding te kom. Die betrokkenes self kan in die loop van die saak verdere getuienis aanbied om lig op die saak te werp.

9.5.2 Enige persoon in die ondersoekvergadering kan enige van die getuies ondervra. Getuies moet voldoende geleentheid kry om hulle saak te stel en daar moet altyd voldoen word aan die audi alteram partem-reël.

9.5.3 Persone wat as getuies optree is nooit tegelykertyd in die vergadering nie. Elke getuie verlaat die vergadering nadat getuienis gelewer is.

9.5.4 Skriftelike getuienisse van enige van die partye kan in die vorm van beëdigde verklarings aan die ondersoekvergadering voorgelê word. Sodanige getuienis is slegs ontvanklik as dit onderteken is, vergesel word van 'n adres en kontakbesonderhede. Skriftelike getuienis moet aan al die partye beskikbaar gestel word, met genoegsame tyd om daarop voor te berei.

9.5.5 Billikheid vereis dat die name van al die getuies wat ter vergadering sal verskyn aan al die betrokkenes bekend gemaak sal word.

9.5.6 Die tugliggaam behoort alle betrokkenes te maan om op geen manier enige onbehoorlike invloed op die proses uit te oefen nie.

## 10. BEVINDING EN BESLUITE VAN DIE TUGLIGGAAM

10.1 **<u>Bevinding</u>**

10.1.1 Ná die aanhoor van die betrokkenes en die getuies, kom die gevolmagtigde tugliggaam tot 'n bevinding wat op skrif gestel word. In geval van 'n skuldig-bevinding vorm getuienis ter versagting of verswaring deel van die totale kerklike tugondersoek.

10.1.2 Die bevinding oor skuld of onskuld deur 'n gevolmagtigde tugliggaam, gaan met opgaaf van redes gepaard.

10.2 **Tugmaatreëls**

Tugmaatreëls is gerig op die eer van God, die heil (welwese) van die gemeente/kerk en die behoud van die sondaar. Daar moet 'n balans gevind word tussen die drie. Tugmaatreëls is nie strafmaatreëls nie.

10.2.1 Die tugliggaam neem 'n besluit oor gepaste tugmaatreëls met opgaaf van redes.

10.2.2 By hierdie besluit word die tugliggaam gelei deur Kerkorde Artikel 64. Die onderstaande tug- en/of dissiplinêre maatreëls kan deur tugliggame opgelê word.

**Artikel 64**

**Tug- en dissiplinêre maatreëls**

64.1 Die onderstaande tug- en/of dissiplinêre maatreëls kan deur tugliggame toegepas word:

64.2 Lidmate

64.2.1 'n vermaning in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die tugliggaam met die oog op berou en bekering;

64.2.2 geestelike begeleiding en herderlike sorg en die moontlikheid van die weerhouding van lidmaatregte met die oog op berou en bekering;

64.2.3 afsnyding van die gemeente deur die gebruik van die betrokke formulier.

64.3 Ouderlinge en diakens

64.3.1 'n vermaning in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die tugliggaam;

64.3.2 skorsing met of sonder opskorting van lidmaatregte totdat daar bewys van grondige berou is;

64.3.3 opheffing van ampsbevoegdheid.

64.4 Gelegitimeerdes

64.4.1 'n vermaning ter vergadering van die tugliggaam,

64.4.2 'n skriftelike waarskuwing deur die tugliggaam met verslag aan die werkgewer;

64.4.3 opskorting van legitimasie vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:

64.4.3.1 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes deur die werkgewer. (Uitgawes wat direk met die nakoming van pligte te doen het kan weerhou word.)

64.4.3.2 Indien die tugliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie opskorting van legitimasie verleng word.

64.4.4 Verlies van legitimasie waarna die kerkraad verplig is om uitvoering gee aan Artikel 12.

64.4.4.1 Hierdie verlies van legitimasie kan vir 'n vasgestelde tydperk of permanent wees.

64.4.4.1.1 In die geval van die tydelike verlies van bevoegdheid is die betrokkene weer beroepbaar na die verstryking van die vasgestelde tydperk.

64.4.4.1.2 In die geval van permanente verlies van bevoegdheid word die akte van legitimasie nietig verklaar.

64.4.4.2. Kennisgewings word in beide gevalle aan die Algemene Taakspan Predikantesake gegee.

10.3 **<u>Kennisgewing van die bevinding en tugmaatreëls</u>**

10.3.1 Die tugliggaam moet binne 10 dae nadat tot 'n bevinding gekom is en op tugmaatreëls besluit is, die volgende betrokkenes skriftelik in kennis stel:

die aangeklaagde;

die aanbringer van die beweringe;

die betrokke kerkvergadering/werkgewer.

10.3.2 Die tugliggaam het die diskresie om te besluit oor hoe die bevinding en tugmaatreëls aan die aangeklaagde en die gemeente oorgedra word.

10.3.3 Die tugliggaam gee onverwyld kennis van die bevinding aan die Algemene Taakspan Predikantesake. In geval van appèl moet die appèlliggaam die uitslag van die appèl aan die ATP stuur.

10.3.4 Die Algemene Taakspan Predikantesake word onverwyld deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde in kennis gestel wanneer 'n tugmaatreël opgehef word of 'n verdere tugmaatreël toegepas word rakende 'n gelegitimeerde.

10.3.5 Die tugliggaam bly dormant voortbestaan totdat die tydperk vir appèl verstryk het of die appèl afgehandel is, waarna dit ontbind. Die tugliggaam kan weer in die lewe geroep word indien dit genoodsaak word.

## 11. REËLINGS RONDOM 'N APPÈL

11.1 Wanneer 'n lidmaat (of kerkvergadering) appèl aanteken teen die bevinding en/of dissiplinêre maatreëls van 'n meerdere kerkvergadering of sy gevolmagtigde, moet dit ingevolge die bepalings van Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele Beswaar gedoen word.

11.2 In gevalle van verlies van legitimasie tree dit eers in werking wanneer die tydperk vir appèl soos gereël deur Reglement 23 vir Hersiening (revisie), Appèl, Beswaarskrif (gravamen) en Prosedurele beswaar geëindig het. Hierdie appèl kan slegs aangeteken word deur die gelegitimeerde wie se legitimasie in gedrang is. Die betrokke ampsdraer word gestuit tot die tydperk vir appèl verstryk het. In gevalle waar wel appèl aangeteken word, word die betrokke ampsdraer verder gestuit tot by die afhandeling van die appèl.

11.3 Indien die appèl nie gehandhaaf word nie, tree die verlies van legitimasie onmiddellik in werking.

# VORM 1 EN 2

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DOOPSEEL

**Die ondergetekende leraar/skriba van die NG Gemeente**

| | |
|---|---|
| **Naam van Gemeente:** | |

**verklaar dat die Sakrament van die Heilige Doop, soos aangeteken in die dooplidmaatregister van die gemeente, bedien is op**

| | |
|---|---|
| **Doopdatum:** | |

**deur**

| | |
|---|---|
| **Doopleraar:** | |

**aan**

| | |
|---|---|
| **Volle name:** | |
| **Van:**<br>(Soos in die register) | |
| **Huidige van:**<br>(indien dit verskil van die doopregister se van) | |
| **Geboortedatum:** | |
| **Identiteitsnommer:**<br>(indien beskikbaar) | |
| **Vader:**<br>(volle name en van): | |
| **Moeder:**<br>(volle name en nooiensvan) | |

______________________________      ________________

**Predikant / Skriba**      **Datum**

[Hierdie Vorm word ook gebruik vir Vorm 2, die sogenaamde Verkorte Doopseel. Die Verkorte Doopseel word in die uitsonderlike omstandighede gegee waar die ouers se name nie bekend is nie of die betrokke lidmaat bloot ŉ bewys van die doopdatum soek. Die name van die ouers kan dan uitgelaat word. ŉ Mooi gedrukte Doopseel, met die ouers se doopbelofte, kan by Bybel-Media bestel word.]

# VORM 3

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK ATTESTAAT

[Kopieer en dupliseer die ruimte vir belydende of dooplidmate soos nodig – of voltooi 'n afsonderlike vorm vir elke lidmaat.]

**Ons, die ondergetekendes, daartoe gemagtig deur die Kerkraad van die NG Gemeente**

| | |
|---|---|
| **Naam van Gemeente:** | |

**verklaar dat die volgende persone lidmate van hierdie gemeente is en dat hulle, sover aan ons bekend, gesond in leer en lewenswandel is:**

**BELYDENDE LIDMATE**

| | | |
|---|---|---|
| **Volle name:** | | |
| **Van:** | | |
| **Nooiensvan:** | | |
| **Geboortedatum:** | | |
| **Identiteitsnommer:** | | |

**DOOPLIDMATE**

| | |
|---|---|
| **Volle name:** | |
| **Van:** | |
| **Nooiensvan:** | |
| **Geboortedatum:** | |
| **Identiteitsnommer:** | |
| **Doopdatum:** | |
| **Doopleraar:** | |
| **Vader:**<br>(Volle name en van): | |
| **Moeder:**<br>(Volle name en nooiensvan) | |

**Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente**

| | |
|---|---|
| **Naam van Gemeente:** | |

**word hiermee versoek om genoemde belydende lidmate as sodanig te erken, onder sy opsig te neem en tot die gebruik van die sakramente toe te laat, en om aan die dooplidmate die nodige herderlike sorg te gee.**

| | |
|---|---|
| **Adres van lidmate:** | |
| **Kontaknommers:** | |

______________________ ______________________ ______________

**Kerkraadslid / Predikant** **Kerkraadslid / Skriba** **Datum**

# VORM 4

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
## REISATTESTAAT / TRANSIT ATTESTATION

Hiermee word verklaar dat/It is hereby certified that

| | |
|---|---|
| **Naam 1/Name 1:** | |
| **Naam 2/Name 2:** | |
| **Naam 3/Name 3:** | |

belydende lidmaat(e) is van die / is/are professing member(s) of the

| | |
|---|---|
| **NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**<br>**DUTCH REFORMED CHURCH** | |

en dat hy/sy/hulle gesond is in leer en lewe.
and that he/she/they is/are sound in profession of doctrine and in conduct.

Waar hy/sy/hulle op verskeie plekke in die buiteland op reis is, of vir korter of langer tyd op verskeie plekke in die buiteland sal vertoef, word hy/sy/hulle aan die sorg en toesig van die betrokke kerkraad(e) van die gemeente(s) van gereformeerde of evangeliese protestantse belydenis opgedra en aanbeveel vir toegang tot die sakramente.
Whereas it is his/her/their intention to be en route to or to sojourn at several places abroad for shorter or longer periods, he/she/they is/are committed to the care and pastoral supervision of the Consistory(ies) concerned of Churches of Reformed or Evangelical Protestant Confession and recommended for the privilege of participation in the Sacraments.

Maak asseblief die nodige aantekening hieronder.
Kindly make the relevant annotations hereunder.

| | |
|---|---|
| **Gegee te / Given at** | |
| **Namens die Kerkraad**<br>**On behalf of the Consistory** | |
| | **VOORSITTER/SKRIBA**<br>**CHAIRMAN/SCRIBE** |

| **Gemeente** | **Kerkverband** | **Datum van aanmelding** | **Handtekening van leraar** | **Datum van vertrek** | **Handtekening van leraar** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Congregation** | **Denomination** | **Date of presentment** | **Signature of minister** | **Date of departure** | **Signature of minister** |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

| | |
|---|---|
| **Opmerkings**<br>**Comments** | |
| | |

# VORM 5

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
# BEWYS VAN LIDMAATSKAP

[Kopieer en dupliseer die ruimte vir belydende of dooplidmate soos nodig – of voltooi 'n afsonderlike vorm vir elke lidmaat.]

**Die ondergetekende, daartoe gemagtig deur die Kerkraad van die NG Gemeente**

| | |
|---|---|
| **Naam van Gemeente:** | |

**verklaar dat die volgende persone lidmate van hierdie gemeente is.**

**BELYDENDE LIDMATE**

| | | |
|---|---|---|
| **Volle name:** | | |
| **Van:** | | |
| **Nooiensvan:** | | |
| **Geboortedatum:** | | |
| **Identiteitsnommer:** | | |

**DOOPLIDMATE**

| | |
|---|---|
| **Volle name:** | |
| **Van:** | |
| **Nooiensvan:** | |
| **Geboortedatum:** | |
| **Identiteitsnommer:** | |
| **Doopdatum:** | |
| **Doopleraar:** | |
| **Vader:**<br>(Volle name en van): | |
| **Moeder:**<br>(Volle name en nooiensvan) | |

**Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente**

| | |
|---|---|
| **Naam van Gemeente:** | |

**word hiermee versoek om genoemde belydende lidmate as sodanig te erken en onder sy opsig te neem en om aan die dooplidmate die nodige herderlike sorg te gee. Die omstandighede van die lidmate word per begeleidende skrywe uiteengesit.**

| | |
|---|---|
| **Adres van lidmate:** | |
| **Kontaknommers:** | |

_________________________ **Skriba** _________________________ **Datum**

# VORM 7

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
## VERKLARING INSAKE LIDMAATSKAP

[Voltooi ’n afsonderlike vorm vir elke lidmaat.
Vervang predikant of skriba met die toepaslike amp]

**Ondergetekende predikant / skriba van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente**

| | |
|---|---|
| **Naam van Gemeente:** | |

**verklaar hiermee dat**

| | |
|---|---|
| **Volle name:** | |
| **Van:** | |
| **Nooiensvan:** | |
| **Geboortedatum:** | |

**tot op**

| | |
|---|---|
| **Datum:** | |
| **Tipe lidmaat:** ['n belydende lidmaat of ’n dooplidmaat] | |

**van hierdie gemeente was.**

**Gegee te**

| | |
|---|---|
| **Plek:** | |

**op**

| | |
|---|---|
| **Datum:** | |

________________________________ (Handtekening)

**Predikant / Skriba**

# VORM 8

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN OOS-KAAPLAND

## AANSOEK OM WYSIGING OF LAATINSKRYWING IN DOOPREGISTER

| | |
|---|---|
| **Adres:** | |
| | |
| | |
| **Datum:** | |

Ondergetekende doen hiermee aansoek om die volgende wysiging/inskrywing in die doopregister van die

| | |
|---|---|
| **NG Gemeente:** | |

**VOLLE BESONDERHEDE SOOS TANS IN REGISTER (indien LAATINSKRYWING, moenie hierdie deel invul nie)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Van:** | | | |
| **Naam:** | | | |
| **Geboortedatum:** | | **Doopdatum:** | |
| **In gemeente:** | | **Deur (leraar):** | |
| **Vader:** | | | |
| **Moeder:** | | | |
| **Oorgekom op:** | | **Vanaf (Gemeente):** | |

**VOLLE BESONDERHEDE SOOS VERLANG (Skryf VOLLEDIG en DUIDELIK in DRUKSKRIF)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Van:** | | | |
| **Naam:** | | | |
| **Geboortedatum:** | | **Doopdatum:** | |
| **In gemeente:** | | **Deur (leraar):** | |
| **Vader:** | | | |
| **Moeder:** | | | |
| **Getuies:** | | | |
| **Oorgekom op:** | | **Vanaf (Gemeente):** | |
| **Rede(s) vir aansoek:** | | | |
| | | | |

________________________________

**Handtekening van Aansoeker**

Vervolg op volgende bladsy

# VORM 8 (vervolg)

**AANBEVELING VAN KERKRAAD**

| Die Kerkraad het die aansoek oorweeg en beveel aan dat die ring die wysiging/inskrywing goedkeur. Die kerkraad het die volgende bewysstukke voor hom gehad |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |

| **Datum:** | | **Skriba van kerkraad:** | |
|---|---|---|---|

**BESLUIT VAN RING OF RINGSKOMMISSIE**
Die Ring/Ringskommissie van ________________________________ het besluit om die aansoek GOED TE KEUR / NIE GOED TE KEUR NIE.

| **Datum:** | | **Ringskriba:** | |
|---|---|---|---|

| | |
|---|---|
| **Adres:** | |
| | |
| | |

**L.W.:** Hierdie aansoek moet in TWEEVOUD en saam met alle BEWYSSTUKKE by die betrokke kerkraad ingelewer word. Na goedkeuring deur die kerkraad, gaan die vorms en BEWYSSTUKKE na die ringskriba. Na goedkeuring deur die ring stuur die ringskriba een vorm terug na die kerkraad en die ander vorm, saam met die BEWYSSTUKKE, na die argivaris.

# VORM 9

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN OOS-KAAPLAND

## AANSOEK OM WYSIGING OF LAATINSKRYWING IN LIDMAATREGISTER

| | |
|---|---|
| **Adres:** | |
| | |
| | |
| **Datum:** | |

Ondergetekende doen hiermee aansoek om die volgende wysiging/inskrywing in die lidmateregister van die

| | |
|---|---|
| **NG Gemeente:** | |

**VOLLE BESONDERHEDE SOOS TANS IN REGISTER (indien LAATINSKRYWING, moenie hierdie deel invul nie)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Van:** | | | |
| **Naam:** | | | |
| **Geboortedatum:** | | **Doopdatum:** | |
| **Datum tot belydenis toegelaat:** | | **Datum van belydenisaflegging:** | |
| **In gemeente:** | | **Voor (leraar):** | |
| **Oorgekom op:** | | **Vanaf (Gemeente):** | |

**VOLLE BESONDERHEDE SOOS VERLANG (Skryf VOLLEDIG en DUIDELIK in DRUKSKRIF)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Geboortedatum:** | | **Datum tot belydenis toegelaat:** | |
| **Datum van belydenisaflegging:** | | | |
| **In gemeente:** | | **Voor (leraar):** | |
| **Oorgekom op:** | | **Vanaf (Gemeente):** | |
| **Rede(s) vir aansoek:** | | | |
| | | | |

____________________________________

**Handtekening van Aansoeker**

Vervolg op volgende bladsy

# VORM 9 (vervolg)

**AANBEVELING VAN KERKRAAD**

| Die Kerkraad het die aansoek oorweeg en beveel aan dat die ring die wysiging/inskrywing goedkeur. Die kerkraad het die volgende bewysstukke voor hom gehad |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |

| **Datum:** | | **Skriba van kerkraad:** | |
|---|---|---|---|

**BESLUIT VAN RING OF RINGSKOMMISSIE**
Die Ring/Ringskommissie van ________________________________ het besluit om die aansoek GOED TE KEUR / NIE GOED TE KEUR NIE.

| **Datum:** | | **Ringskriba:** | |
|---|---|---|---|

| | |
|---|---|
| **Adres:** | |
| | |
| | |

**L.W.:** Hierdie aansoek moet in TWEEVOUD en saam met alle BEWYSSTUKKE by die betrokke kerkraad ingelewer word. Na goedkeuring deur die kerkraad, gaan die vorms en BEWYSSTUKKE na die ringskriba. Na goedkeuring deur die ring stuur die ringskriba een vorm terug na die kerkraad en die ander vorm, saam met die BEWYSSTUKKE, na die argivaris.

# VORM 11

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

# AKTE VAN DEMISSIE

Die Kerkraad van die

**Nederduitse Gereformeerde Gemeente (naam van gemeente)**

het die stukke in verband met die beroep van
**(titel, naam en van van die predikant)**

na die gemeente
**(naam van volgende gemeente)**
gesien.

Die Kerkraad getuig hiermee dat sy/haar gedrag in ons midde in leer en lewe ’n predikant waardig was. Die Kerkraad maak hom/haar hiermee op ’n eervolle wyse los van alle betrekkinge tot die kerkraad en die gemeente alhier en oorhandig hierdie Akte van Demissie, wat ook as attestaat dien, met die opregte bede dat die arbeid in die nuwe werkkring met groot vrug onder die seënende hand van die Here mag geskied.

Hy/sy word vergesel deur sy/haar eggenoot(note) as belydende lidmaat
**(titel, naam en van en nooiensvan waar van toepassing)**

en die volgende belydende lidmate
**(titel, naam en van)**

en die volgende dooplidmate
**(titel, naam en van)**

Oorhandig te
**(plek) op (datum)**

deur die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente (naam van gemeente)
en geldig vanaf
**(datum)**

Onderteken deur

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| **Voorsitter van die Kerkraad** | **Skriba** |

Hierdie akte kan volgens omstandighede gewysig word,
byvoorbeeld as die predikant ’n predikant in sinodale diens was.

# VORM 12

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

# AKTE VAN DEMISSIE BY EMERITAAT

**AAN:**
**(titel naam en van van die predikant)**

Die Ringskommissie van die
**Ring van (naam van Ring)**

het die stukke in verband met u emeritaat van die
**NG Gemeente (naam van die gemeente)**
ontvang.

Hiermee word getuig dat u gedrag in die gemeente en ringsverband in leer en lewe ’n predikant waardig was en dat die Kerkraad en die Ring (namens die kerkverband) u hiermee op ’n eervolle wyse losmaak van u diens as predikant in die gemeente.

Die Ring wens u van harte toe dat die rus van u voltydse dienswerk vir u nuttig en genoeglik mag wees en dat u steeds God se rykste seëninge mag geniet.

Oorhandig te
**(plek)**

op
**(datum)**

en geldig vanaf
**(datum)**

Onderteken deur

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| **Voorsitter van die Ringskommissie** | **Ringskriba** |

Hierdie akte kan volgens omstandighede gewysig word,
byvoorbeeld as die predikant ’n predikant in sinodale diens was.
’n Afsonderlike attestaat word uitgereik indien die predikant uit die gemeente vertrek.

# VORM 14

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
## VORM VIR DIE OPROEP VAN AANGEKLAAGDES

Aangesien daar by die kerkraad/ring 'n klag (gerug) teen u (1) ______________________ ingedien is dat u u skuldig gemaak het aan die sonde van (2) __________________ op die (3) _________ dag van die maand _____________ van die jaar ____________ of daaromtrent, word u hiermee opgeroep om met u getuies te verskyn voor 'n vergadering van die (4) _____________________ wat gehou sal word in die (5) __________________ van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente (6) ______________________ op (7) ________________20____ om _______ uur ten einde u op die gemelde klag (gerug) te verantwoord.

Gegee te (8) __________________ op _______________20_____

| **Skriba: ring/kerkraad** | (9) |
|---|---|

**NB:** In die ruimte deur die syfers in die bostaande vorm aangedui, moet die volgende ingevul word:
**1.** Die naam van die aangeklaagde.
**2.** Die naam van die beweerde wandaad wat gepleeg is (bv dronkenskap).
**3.** Die datum wanneer die beweerde wandaad gepleeg is.
**4.** Kerkraad of ring.
**5.** Plek van vergadering.
**6.** Die naam van die gemeente waar die vergadering gehou word.
**7.** Die datum en tyd van die vergadering.
**8.** Die plek en dagtekening.
**9.** Handtekening van die skriba.

# VORM 15

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
## VORM VIR DIE OPROEP VAN GETUIES

Hiermee geskied kennisgewing dat u, (1) _______________, as getuie gehoor sal word insake die klag (gerug) teen (2) ________________ dat hy/sy hom/haar skuldig gemaak het aan die sonde van (3) ________________. Derhalwe word u opgeroep om te verskyn voor die vergadering van die (4) _________________ in die (5) _____________________ van die Nederduitse Gereformeerde gemeente (6) ___________________ op (7) __________________20_____ om ________.

Gegee te (8) ___________________ op _____________20_____

| Skriba: ring/kerkraad | (9) |
|---|---|

**NB:** In die ruimte deur die syfers in die bostaande vorm aangedui, moet die volgende ingevul
word:

**1.** Naam van die getuie.
**2.** Die naam van die aangeklaagde.
**3.** Die naam van die beweerde wandaad wat gepleeg is (bv dronkenskap).
**4.** Kerkraad of ring.
**5.** Plek van vergadering.
**6.** Die naam van die gemeente waar die vergadering gehou word.
**7.** Die datum en tyd van die vergadering.
**8.** Die plek en dagtekening.
**9.** Handtekening van die skriba.

# VORM 16

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

## KONSEPOOREENKOMS VIR GEBRUIK DEUR KERKRADE BINNE DIE FAMILIE VAN NG KERKE INGEVAL VAN GELYKTYDIGE DIENS VAN DIE LERAAR IN TWEE GEMEENTES

Akte van ooreenkoms opgestel tussen die kerkraad van die NG Gemeente ____________________________ (hierna genoem Kerkraad A), en die kerkraad van die NG Gemeente _________________________________ (hierna genoem Kerkraad B), insake gelyktydige diens in beide gemeentes.

**1.** Kerkraad A onderneem om 'n leraar aan Kerkraad B beskikbaar te stel vir bepaalde diens verbonde aan die amp, soos hieronder nader omskrywe.
**2.** Kerkraad B onderneem om sodanige leraar te aanvaar as sy leraar met volle ampsbevoegdheid en sal aan hom die verskuldigde agting en gehoorsaamheid betoon wat aan 'n bevestigde leraar van 'n gemeente volgens die bepalinge van die beroepsbrief en diensooreenkoms toekom.
**3.** Kerkraad B onderneem om jaarliks R___________ by te dra ter bestryding van die koste aan die pos verbonde.
**4.** Die leraar is verantwoordelik vir die taak van bedienaar van die Woord volgens Artikel 9 van die Kerkorde en wat verder soos volg ten opsigte van die twee gemeentes nader omskryf word: ______________________________________________________________
**5.** Die opsig oor en die toepassing van kerklike tug berus by Kerkraad A – die leraar se werkgewer.
**6.** Verder word ooreengekom dat 'n gesamentlike kommissie van Kerkraad A en Kerkraad B van tyd tot tyd saam vergader om alle sake wat uit die ooreenkoms voortvloei, of ander sake van gesamentlike belang te bespreek.
**7.** Die ooreenkoms bly van krag
**7.1** Solank die betrokke leraar in die besondere diens staan, of
**7.2** totdat die twee kerkrade na onderlinge oorlegpleging die ooreenkoms beëindig, of
**7.3** totdat Kerkraad B in staat is of in staat gestel word om 'n eie leraar te beroep en bevredigende reëlings ten opsig te van die leraar in hierdie ooreenkoms genoem, waarmee hy ook moet saamstem, getref is.

Geteken te _________________________________ op ____________________20____

| **Namens Kerkraad A** | | **Namens Kerkraad B** | |
|---|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Getuies:** | | **Getuies:** | |
| | | | |

# 13. RIGLYNE VIR DIE HANTERING SEKSUELE MISBRUIK/ WANGEDRAG

## 1. Inleiding

Vir die kerk van die Here Jesus Christus is dit belangrik dat almal moet weet, dat hulle in die gemeente van die Here Jesus Christus veilig is. Hierdie wete van veiligheid geld veral vir die wat hulleself as weerloos of in 'n kwesbare situasie bevind. In die tyd waarin ons leef is dit ongelukkig so dat vroue dikwels, selfs in die kerklike omgewing, onveilig voel. Dit behoort vir die kerk van die Here Jesus 'n ereplig te wees om sulke mense se veiligheid te verseker en te beskerm. Daarom neem die kerk sterk standpunt in teen enige vorm van magsmisbruik, asook en teen elke vorm van seksuele misbruik in gemeentes, kerkvergaderings en kerklike strukture.

Alle lidmate, werknemers en ampsdraers van die NG Kerk moet te alle tye deur hulle optrede uitdrukking gee aan die integriteit van die kerk van Christus. Seksuele wangedrag is 'n oortreding van die beginsels van die Bybel as die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Kerkorde. Onder geen omstandighede is dit vir 'n lidmaat, werknemer of ampsdraer aanvaarbaar om by enige vorm van seksuele wangedrag betrokke te wees nie.

Die etiese optrede van ampsdraers is van die uiterste belang vir die geloofwaardigheid van kerk van die Here omdat die boodskap van die evangelie van Jesus Christus op 'n besondere wyse deur die lewe van ampsdraers sigbare gestalte kry.

## 2. Algemeen

### 2.1 Begripsomskrywing

#### 2.1.1 Seksuele misbruik/wangedrag

Seksuele misbruik is 'n omvattende term wat in hierdie reglement gebruik word en sluit die volgende in:

2.1.1.1 **Seksuele misbruik van kinders** sluit in, maar is nie beperk tot enige kontak of interaksie tussen 'n kind en 'n volwassene wanneer die kind gebruik word vir die seksuele stimulasie van die volwassene of 'n derde persoon. Hierdie gedrag kan fisiese kontak insluit, maar is nie beperk tot dit nie. Seksuele kontak met 'n kind word altyd beskou as geforseerd, ongeag of die kind daartoe instemming verleen of nie. In die NG Kerk is seksuele misbruik van toepassing op enige iemand jonger as 18.

2.1.1.2 **Seksuele misbruik in die geval van volwassenes**, word verstaan as enige vorm van seksuele optrede waarin 'n persoon wat, ongeag ouderdom, nie oor die verstandelike vermoë beskik om in te stem tot seksuele omgang nie, of dit te weier nie. Dit geld waar die seksuele omgang of optrede gepaard gaan met mag, dreigemente, manipulering, intimidasie, of die misbruik van posisie, amp of status.

**2.1.1.3** **Seksuele teistering**, word gesien as onwelkome seksuele toenadering of versoeke vir seksuele gunste, asook enige ander verbale of fisiese optrede van 'n seksuele aard wanneer sulke optrede en die toegee daaraan of verwerping daarvan:

- 'n voorwaarde word vir iemand se indiensneming, of voortgesette diens;
- gebruik word in enige besluitneming met betrekking tot die individu se status as werknemer;
- die doel het om in te meng of 'n invloed te hê op die individu se werksprestasie deur 'n omgewing van intimidasie of vyandigheid te skep;
- wanneer 'n persoon onderwerp word aan onwelkome seksuele grappe, onwelkome of ontoepaslike aanraking, of die blootstelling aan visuele seksuele materiaal, vernederend en/of die seksuele uitbuiting van mans, vroue of kinders.

**2.1.1.4** **Verkragting** of enige seksuele kontak wat geforseer of by wyse van dreigement of intimidasie, asook enige seksuele kontak met 'n persoon onder 18 (agtien).

**2.1.1.5** **Aanstootlike seksuele gedrag** is suggestiewe taal of gedrag, onaanvaarbare oogkontak, onwelkome aanraking of streling wat fisiese of emosionele welwese van die persoon sou bedreig.

**2.1.1.6** **Seksuele wangedrag** word verstaan as optrede wat daartoe aanleiding gee dat die vertrouensverhouding tussen 'n persoon in 'n professionele hoedanigheid (bv. predikant, maatskaplike werker) en 'n ander persoon deur seksuele optrede uitgebuit word.

**2.1.1.7** **Misbruik van tegnologie** is wanneer tegnologie gebruik word om iemand seksueel te teister of te misbruik. Hierdie misbruik sluit die volgende in: selfoon boodskappe; eposse om suggestiewe boodskappe en ander materiaal aan iemand te stuur met wie die persoon in 'n professionele verhouding (bv. predikant en lidmaat/werknemer) is. Onder geen omstandighede sal die kyk van pornografiese materiaal op kerkgronde aanvaarbaar wees nie. Wanneer 'n persoon onder 18 blootgestel word aan pornografie is dit molestering van 'n minderjarige. Niemand wat gebruik maak van tegnologie op kerkgronde of enige kerklike ruimte, of wat die tegnologie binne die konteks van kerklike werksaamhede gebruik, kan aanspraak maak op privaatheid nie.

**2.1.2 Kerklike funksionaris/ampsdraer**

'n Kerklike funksionaris of 'n ampsdraer is 'n man of 'n vrou wat deur 'n gemeente en/of vergadering van die NG Kerk in een of ander kerklike amp bevestig of aangestel is, waar hy/sy in 'n posisie van vertroue en verantwoordelikheid geplaas is.

**2.1.3** **'n Lidmaat** is 'n ongedoopte, gedoopte of belydende lidmaat van die NG Kerk wat volgens die registers van die kerk een van bogenoemde lidmate is, of 'n persoon wat oor 'n geruime tyd by die gemeente betrokke is of was en daardeur gewys het dat hy/sy deel van 'n betrokke gemeente is.

**2.1.4 Klaer**

'n Klaer is 'n enige persoon wat met 'n funksionaris/ampsdraer kontak gehad het in die uitvoering van sy/haar amp of verantwoordelikheid. In die geval van 'n minderjarige kan so 'n persoon se wettige voog of ouer as klaer optree. Dit geld ook enige persoon wat verontreg voel deur die optrede van 'n funksionaris/ampsdraer of enige ander lidmaat.

**2.1.5 Geïmpliseerde**

In hierdie konteks is of was 'n geïmpliseerde 'n kerklike funksionaris/ampsdraer of lidmaat van die NG Kerk wat van seksuele misbruik beskuldig word in die tyd wat hy/sy 'n funksionaris/ampsdraer was.

**2.1.6 Tugliggaam**

'n Tugliggaam is 'n wat deur een van die kerkvergaderinge (kerkraad, ring of sinode) as 'n gevolmagtigde tugliggaam aangewys is om 'n klag van seksuele teistering of misbruik te ondersoek. 'n Tugliggaam wat klagtes van seksuele wangedrag (misbruik of teistering) ondersoek bestaan verkieslik uit 'n meerderheid van vroue.

**2.1.7 Appèlliggaam**

'n Appèlliggaam is 'n liggaam wat deur een van die kerkvergaderinge (gemeente, ring of sinode) van die NG Kerk, of so 'n vergadering se gevolmagtigde liggaam (sinodale taakspan regte, regskommissie, kerkordekommissie, aktuarius) aangewys is om 'n appèl ten opsigte van bevindings oor klagtes van seksuele misbruik te ondersoek. 'n Appèlliggaam bestaan uit ten minste drie lede waarvan die meerderheid verkieslik vroue is.

**2.1.8 Klag**

'n Klag is 'n skriftelike klag wat deur 'n klaer ingedien word waarin 'n bewering van seksuele misbruik teen 'n lidmaat, funksionaris/ampsdraer van die NG Kerk gemaak word.

**2.1.9 Aanmeldingsliggaam (seksuele misbruik)**

Die aanmeldingsliggaam, aangewys deur die sinode of sy gevolmagtigde, is 'n sentrale punt waarop deskundige medewerkers dien om klagtes oor seksuele misbruik te ontvang, te evalueer en te verwys vir hantering, asook inligting en advies te verskaf oor prosedure wat met die hantering hiervan verband hou. Die aanmeldingsliggaam kan wanneer nodig, 'n klag na 'n tugliggaam verwys. Die aanmeldingsliggaam kan 'n vertrouenspersoon aanwys om die klaer te begelei tydens en na die hantering van die klag.

**2.1.10 Vertrouenspersoon**

'n Vertrouenspersoon is iemand wat op versoek van die klaer en/of aangeklaagde sy/haar belange behartig en kan as die klaer/aangeklaagde se verteenwoordiger of gevolmagtigde optree. Die vertrouenspersoon kan 'n lid van die aanmeldingsliggaam wees.

**2.1.11 Kerkvergadering**

'n Kerkvergadering is 'n vergadering aan wie die ondersoekliggaam verantwoordbaar is. In die geval van 'n gemeente is dit die kerkraad of die gemeente se diensverhouding kommissie; in die geval van 'n ring is dit die ring of die ringskommissie as gevolmagtigde van die ring; in die geval van die sinode is dit die sinodale taakspan regte.

**2.1.12 Gevolmagtigde tugliggaam.**

'n Gevolmagtigde tugliggaam is 'n tugliggaam wat deur die kerkraad, ring of sinode aangewys is om 'n bewering teen 'n werknemer, lidmaat of ampsdraer onder wie se opsig en tug (Artikel 61) die persoon val, te ondersoek en af te handel. Die besluit of bevinding van 'n tugliggaam is bindend maar daaroor kan in appèl na 'n meerdere vergadering of 'n meerdere vergadering se gevolmagtigde (Artikel 23) gegaan word.

## 3. Doel

Die doel van die reglement is om prosedure tot stand te bring waar klagtes oor seksuele misbruik/wangedrag ingedien kan word en die belange van die klaer en die aangeklaagde beskerm word terwyl 'n klag hanteer word.

## 4. Beginsels

4.1 **Beskerming van persone betrokke**. Wanneer 'n saak van seksuele misbruik/wangedrag aangemeld word, is dit deurlopend die verantwoordelikheid van alle rolspelers en persone wat met die saak in aanraking kom om die betrokke persone te beskerm, terwyl die privaatheid van die persone beskerm word en alle inligting as hoogs vertroulik hateer word.

4.2 **Handhawing van menswaardigheid**. Alle rolspelers sal deurlopend verseker dat al die betrokke persone se menswaardigheid beskerm moet word. Dit geld vir die klaer, die persoon of persone wat van seksuele misbruik/wangedrag beskuldig word, asook die families en gemeenskappe van elkeen van die persone.

4.3 **Die kerk is verantwoordelik vir die opsig en tug (Artikel 62) oor werknemers, lidmate en ampsdraers**. Hierdie opsig en tug gee aan die verskillende kerkvergaderings (Artikel 18) of hulle gevolmagtigdes, die verantwoordelikheid om enige klagte van optrede wat indruis teen die Woord van God, die Belydenis van die Kerk (Kerkorde artikel 61.1), die Kerkorde, of optrede wat openbare aanstoot gee (Kerkorde artikel 61.2), of optrede wat die bepaalde personeelbeleid oortree (Kerkorde artikel 61.3), op 'n verantwoordelike wyse te hanteer. Bewerings van seksuele misbruik/wangedrag word altyd beskou as

bewerings van optrede wat strydig is met die Woord van God, die Belydenis van die Kerk, die Kerkorde, optrede wat openbare aanstoot gee, menswaardigheid aantas, seksueel bedreigend van aard is en ook in terme van die diensverhoudinge en etiese waardes van die NG Kerk as wangedrag beskou word.

**4.4** **Nie (meer) werknemers, ampsdraers of lidmate**. Persone wat nie (meer) lidmate of werknemers of ampsdraers van die NG Kerk is nie, maar van seksuele misbruik/wangedrag beskuldig word in die tyd toe so 'n persoon lidmaat en/of werknemer of ampsdraer van die NG Kerk was, het die verantwoordelikheid om steeds seker te maak dat die bewering/klagte aangehoor word, al is dit net om te verseker dat so 'n gebeure nie herhaal word nie. Indien die betrokke persoon 'n gelegitimeerde was, word die uitkoms van so 'n ondersoek aan die Algemene Taakspan Predikante sake gestuur met die oog op liassering om die persoon se persoonlike lêer vir toekomstige verwysing indien die persoon aansoek sou doen om weer predikant in die NG Kerk te wees.

**4.5** **Aanmeldingsliggaam vir seksuele misbruik**. Elke kerkvergadering van die NG Kerk wys ten minste drie persone aan, waarvan verkieslik die meerderheid vroue moet wees. Hierdie aangewese persone dien as aanmeldingsliggaam vir seksuele wangedrag.

**4.6 Kerklike tug**

Die (teologiese) betekenis van die kerklike tug is nie om die oortreder te vervolg nie, maar tot insig, berou, verskoning, versoening te lei en remediërend te rig tot beter gedrag wat soortgelyke insidente sal voorkom.

## 5. Samestelling van die tugliggaam

5.1 'n Tugliggaam wat 'n klag van seksuele misbruik teen 'n werknemer, lidmaat of ampsdraer van die NG Kerk ondersoek, tree as gevolmagtigde tugliggaam (sien 2.1.12) van 'n kerkvergadering op.

5.2 Wanneer die aanmeldingsliggaam bewus gemaak word van 'n bewering van seksuele misbruik deur of teen 'n werknemer, lidmaat of ampsdraer van die kerk word so 'n klag na die volgende vergaderings verwys:

5.2.1 in die geval van 'n werknemer van 'n gemeente wat nie 'n lidmaat van die NG Kerk is nie, na die diensverhoudingekommissie van die kerkraad wat in so 'n geval as gevolmagtigde van die kerkraad optree;

5.2.2 in die geval van 'n werknemer van die gemeente wat ook 'n lidmaat van die gemeente is, of 'n lidmaat van die gemeente, na die kerkraad wat in samewerking van die diensverhoudingekommissie 'n tugliggaam aanwys aan wat die aangeleentheid aan die hand van Reglement 22 hanteer;

5.2.3 in die geval van 'n werknemer of predikant in diens van die kerkverband of ampsdraer (diaken, ouderling, predikant) van 'n gemeente, na die ring onder wie se opsig die werknemer of ampsdraer staan. Die meerdere vergadering wys

'n tugliggaam aan wat die aangeleentheid aan die hand van Reglement 22 hanteer.

5.4 Die betrokke tugliggaam bestaan uit 'n minimum van vyf lede en moet verkieslik minstens een van elk van die volgende insluit:

5.4.1 'n Verteenwoordiger aangewys deur die betrokke sinode of sy gevolmagtigde as kerkregkundige;

5.4.2 'n maatskaplike werker

5.4.3 'n pastorale persoon en

5.4.4 ten minste een verteenwoordiger van die kerkvergadering onder wie se opsig en tug die werknemer of amptenaar staan.

5.5 In die samestelling van die tugliggaam word daar altyd probeer om 'n gelyke verteenwoordiging van mans en vroue te hê.

### 6. Hantering van klag

Die aangewese tugliggaam hanteer die klag aan die hand van Reglement 22, Reglement vir Tug en Vermaning, Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2023.

## 14. RIGLYNE REGLEMENT VIR DIE ONTWIKKELING VAN NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE EN (KERN)GEMEENTES

### 1. Uitgangspunte

1.1 Hierdie reglement is gerig op die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe en gemeentes , insluitend die vorming van nuwe gemeentes wat nie deel van die NG Kerk word nie.

1.2 Die bepalings in die reglement beskryf nie 'n voorgeskrewe model van hoe gemeentevorming moet geskied nie. Behalwe dat dit gemeentes wil help met doelbewuste gemeentevorming, hou dit ook rekening met die feit dat sommige geloofsgemeenskappe spontaan gevorm word uit ander bedieninge van die kerk, soos byvoorbeeld noodleniging. Dit erken dat die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe kontekstueel beïnvloed word en dat sterk konfessionele oortuigings van almal betrokke soms groot wysheid en verdraagsaamheid vereis. Die reglement vestig eerder die aandag op belangrike kerkregtelike sake wat in die prosesse en vorme van gemeentevorming moet aandag kry.

1.3 Daar word onderskei tussen die missionale bedieninge van gemeentes, ringe en sinodes waar alle kerkordelike bepalings nie volledig geld nie en die interne funksionering van gevestigde NG Kerk-gemeentes ringe en sinodes waar alle kerkordelike bepalings geld t.o.v. sake soos bv. besluitnemingsprosesse, leierskap, kerkvergaderings, finansies.

1.4 Nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes:

1.4.1 kan gestig of ontwikkel word om volledig deel van die NG Kerk te wees.

1.4.2 kan gestig of ontwikkel word om as 'n langtermynbediening van 'n gemeente of ring te funksioneer

1.4.3 kan gestig word of ontwikkel as gemeentes wat nie deel van die NG Kerk sal wees nie.

1.4.4 kan gestig of ontwikkel word om in noue verband met die NG Kerk selfstandig te funksioneer en daarom nie deel het aan al die voorregte en verpligtinge van die NG Kerk nie. Voorbeelde NG Kerk Vennootskapgemeentes en Vars Uitdrukkings van kerkwees (Fresh Expressions).

*Die ideaal is dat kerngemeentes ook kerkregtelike volwasse selfstandige gemeentes word (regspersoon binne of buite denominasionale verband).*

## 2. Begripsverklaring

Die volgende begrippe word omskryf om kommunikasie te bevorder. Dit beskryf nie 'n verpligte proses wat gevolg moet word nie.

### 2.1. Nuwe geloofsgemeenskap

'n Nuwe geloofsgemeenskap is 'n groepering van hoofsaaklik nuwe gelowiges wat hulle vrywillig onder die gesag van die Woord en Gees aan mekaar gebonde voel om as 'n eenheid te funksioneer. 'n Nuwe geloofsgemeenskap is gewoonlik die vrug van intensionele prosesse waar die evangelie geleef en gedeel word met nie-Christene en mense wat nie meer kerklik betrokke is nie. Belangstellende ongelowiges skakel ook soms by hierdie geloofsgemeenskap in. Samebindende faktore is o.a. die volgende: 'n spontane soeke of begeerte van mense om in 'n verhouding met Jesus te leef; om God beter te leer ken; om 'n dissipel van Jesus te wees; om onderlinge gemeenskap en hulpverlening te beleef; om diens aan die gemeenskap te lewer en om die koninkryk te soek. Sulke geloofsgemeenskappe kan binne die grense van 'n gemeente ontstaan of waar lidmate binne hulle werk-, sport- of ontspanningskonteks nuwe geloofsgemeenskappe buite gemeentegrense vorm.

Die potensiaal van nuwe geloofsgemeenskappe om tot nuwe (kern)gemeentes te ontwikkel moet ontgin word, hoewel dit nie altyd moontlik of wenslik is dat sulke geloofsgemeenskappe tot gemeentes ontwikkel nie.

Die hergroepering van gelowiges in 'n bestaande gemeente vir bedieningsdoeleindes, bv. jeugdienste, dienste vir bejaardes ens. word nie as nuwe geloofsgemeenskappe beskou nie.

### 2.2. Kerngemeentes

'n Nuwe geloofsgemeenskap word as 'n kerngemeente (kerk) beskou wanneer die geloofsgemeenskap oor 'n tydperk van ten minste ses maande die volgende eienskappe van kerkwees vertoon:

Die geloofsgemeenskap:

- bestaan uit mense wat in Jesus Christus glo,
- aanbid die Drie-enige God op 'n deurlopende wyse;

- bevorder onderlinge gemeenskap en eenheid tussen alle lede;
- bou mekaar as medegelowiges op in die geloof
- skep ruimte waar al die lede se gawes en bedieninge tot hulle reg kom;
- ontwikkel goeie verhoudings en samewerking met ander gemeentes;
- is betrokke by die werk van God in die gemeenskap en wêreld;
- word gelei deur 'n bekwame leierspan wat die geloofsgemeenskap toerus om konkrete gestalte te gee aan die bovermelde aspekte van kerkwees.
- het beleid en praktyke in plek om toenemend finansieel selfstandig te funksioneer.

### 2.3. 'n NG Kerk vennootskap gemeente

'n NG Kerk vennootskap gemeente is 'n gemeente wat aan bepaalde kriteria voldoen en amptelik in n vennootskap met 'n NG Kerk gemeente (s) funksioneer.

### 2.4. 'n Vars uitdrukking van kerkwees (Fresh Expression)

Vars uitdrukkings van kerkwees is nuwe kontekstuele vorme van kerkwees wat gestalte kry deur kultuursensitiewe interaksie en bedieninge wat primêr fokus op nie-gelowiges en kerklos mense wat nie by bestaande kerke inskakel nie.

## 3. Die ontstaan van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes

3.1. Nuwe geloofsgemeenskappe ontstaan hoofsaaklik:

3.1.1. deur spontane dissipelmaking van lidmate in hulle woon-, werk-, sport- of ontspanningskontekste;

3.1.2. as gevolg van intensionele aksies en prosesse van lidmate, gemeentes, ringe of sinodes (bv. dienslewering, evangelisasie, dissipelskap of die versameling en organisering van gelowiges wat nie by gemeentes/kerke inskakel nie).

3.1.3. as vrug van missionale diakonaat in gemeentes en gemeenskappe.

3.2. Kerngemeentes kom hoofsaaklik op twee maniere tot stand:

3.2.1. Na 'n proses van interne voorbereiding en toerusting van 'n leierspan en kerngroep, word 'n kerngemeente op 'n bepaalde dag publiek gestig en verder gegroei.

3.2.2. 'n Kerngemeente kan ook die produk wees van die organiese groei van 'n klein geloofsgemeenskap tot 'n geloofsgemeenskap wat die eienskappe van 'n kerngemeente het en daarom as sodanig deur die gemeente/ringe erken word.

3.3. Die plaaslike ring(e) en ander tersaaklike gemeentes van die NG Kerk word vooraf in kennis gestel van die ter stigte kerngemeente.

## 4. Die rol van gemeeentes in die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes

4.1. Gemeentes is geroep om die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes aan te moedig en te bevorder. Die ontwikkeling van nuwe kerngemeentes kan veral in die volgende omstandighede voorkom:

4.1.1. In nuwe of snelgroeiende gebiede waar tersaaklike bedienings deur bestaande gemeentes van die NG Kerk nie voldoende is nie.

4.1.2. In gebiede waar die sosio-ekonomiese omstandighede verander het.

4.1.3. Waar bestaande gemeentes nie meer aan bedieningsbehoeftes kan voldoen nie.

4.1.4. In gebiede waar geen gemeente in praktyk funksioneer nie.

4.1.5. In gebiede waar gemeente(s) kwynend is

4.1.6. In gemeenskappe waar ongelowiges en kerkvervreemdes nie deur tradisionele bedieninge van gemeentes bereik word nie.

4.1.7. In kulturele of nie-Christelike godsdienstige gemeenskappe waar daar nie gemeentes bestaan nie.

4.2. Kerkrade bemagtig lidmate om grense oor te steek ten einde die evangelie aan mense te verkondig en nuwe geloofsgemeenskappe te vorm. Hulle ondersteun lidmate met toerusting, vorming, hulpbronne en inskakeling by netwerke.

4.3. Gemeentes streef na samewerking met ander gemeentes en kerke in die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes

4.4. Kerkrade het die verantwoordelikheid om nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes te ondersteun met onder andere leierskap, hulpbronne en vaardighede.

4.5. Met inagneming van die konteks word gepoog om optimale gestalte te gee aan die belydenisgrondslag en kerkordelike bepalings van die NG Kerk.

4.6. Na gelang van die groei van die nuwe geloofsgemeenskap fasiliteer die kerkraad 'n proses om te verseker dat die geloofsgemeenskap duidelike besluite en aksies neem oor die toekomstige aard van die geloofsgemeenskap. Dit kan byvoorbeeld wees:

4.6.1. 'n kerngemeente as langtermynbediening van 'n bestaande gemeente;

4.6.2. 'n Nuwe gemeente in die NG Kerk,

4.6.3. 'n Gemeente in vennootskap met 'n NG Kerk-gemeente;

4.6.4. 'n Gemeente van 'n ander denominasie;

4.6.5. 'n Voortgesette bediening van die kerkraad of ring.

## 5. Die rol van ringe en sinodes in die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes

5.1. Ringe in samewerking met sinodes moedig gemeentes aan om nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes in die gemeenskap te ontwikkel. Ringe kan ook opdrag aan een of meer kerkrade gee om die vorming van nuwe kerngemeentes in 'n geografiese gebied of met 'n spesifieke fokus in die gemeenskap te ondersoek.

5.2. Ringe neem leiding om gemeentes bloot te stel aan netwerke en kundiges wat toerusting bied in die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes.

5.3. Ringe fasiliteer verhoudings en samewerking tussen gemeentes en ringe wanneer 'n gemeente 'n nuwe geloofsgemeenskap of kerngemeente binne die grense van 'n ander gemeente en ring wil vestig.

5.4. Ringe gee leiding om kerkordelike leemtes en uitdagings so te hanteer dat die Koninkryk van God steeds binne die konteks gedien word.

5.5. Ringe gee leiding aan gemeentes om kerngemeentes te begelei om volwaardige NG Kerk gemeentes te word wat aan al die kerkordelike bepalings voldoen.

5.6. In buitengewone omstandighede kan die sinodale verband 'n ring vra om die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe te ondersoek.

5.7. Sinodes skep kapasiteit om ringe en gemeentes te begelei in die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes.

5.8. Die Algemene Sinode skep kapasiteit vir die opleiding / toerusting vir die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes.

## 6. Leierskap in nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes

6.1. Die kerkraad of ring (indien dit 'n ringsinisiatief is) keur die hoofleier (pionier) van die ontwikkelende geloofsgemeenskap goed, en stel dan die ring in kennis. Die leier moet verkieslik 'n volwasse, teologies toegeruste en bekwame lidmaat van die NG Kerk wees. Indien die leier nie 'n lidmaat van die NG Kerk is nie, moet dit 'n volwasse en bekwame gelowige wees wat die belydenisgrondslag en kerklike praktyk van die NG Kerk eerbiedig.

6.2. Dit is verkieslik dat lidmate van die NG Kerk deel vorm van die leierspan van die kerngemeente.

6.3. Dit is verkieslik dat die prediking en die waarneming van die sakramente deur iemand gedoen word met bevoegdheid. Dit kan 'n predikant, 'n diensleraar of 'n ouderling/diaken wees wat preekvergunning deur die sturende gemeente se kerkraad ontvang het.

## 7. Sakramente in nuwe geloofsgemeenskappe en kerngemeentes

7.1. Die sakramente word onder toesig van die leierskap van kerngemeentes bedien. Die leierskap bestuur verskillende interpretasies en gebruike van die sakramente en streef na die optimale belyning met die kerkordelike bepalinge van die NG Kerk.

7.2. By die bediening van die sakramente word die toepaslike formuliere van die Gereformeerde tradisie gebruik.

### 7.3. Die doop

7.3.1. Niemand word herdoop nie. Die viering van die doop word aangemoedig.

7.3.2. Doopkategese word verkieslik gedoen deur die individu of span wat iemand begelei het tot die toe-eiening van die verlossing in Jesus Christus.

7.3.3. Na voltooiing van die doopkategese word hy/sy verkieslik in die kerngemeente gedoop na die openbare belydenis van geloof.

7.3.4. Nuwe gedoopte gelowiges word aangemoedig om in te skakel by die voortgaande kategese of dissipelmaakprogramme van die kerngemeente of gevestigde (NG Kerk) gemeente.

7.3.5. Die doop kan deur besprinkeling of onderdompeling geskied.

7.3.6. Lidmate van kerngemeentes word aangemoedig om hulle babas/klein kindertjies te laat deel in die verbondsdoop aan kinders van gelowige ouers.

### 7.4. Die nagmaal

7.4.1. Die nagmaal word verkieslik in eredienste bedien. Indien dit tydens ander byeenkomste gedoen word, moet dit onder die toesig van leierskap wees (sien 4.3).

7.4.2. Kinders word toegelaat om deel te neem aan die nagmaal.

7.4.3. Alle gelowiges wat nie amptelik onder tug is nie, kan deelneem aan die nagmaal.

## 8. Die stigting van NG Kerk vennootskapgemeentes

8.1. 'n Kerngemeente moet aan die volgende vereistes voldoen om as 'n NG Kerk vennootskap gemeente te kwalifiseer:

8.1.1. 'n stabiele en bekwame leierspan;

8.1.2. 'n bestaande rekord van kontak en samewerking met NG Kerk gemeente(s);

8.1.3. 'n missionale betrokkenheid in die gemeenskap;

8.1.4. 'n formele ooreenkoms met die gevestigde gemeente of ring waarin die wedersydse verwagtinge, verpligtinge en verantwoordelikhede jeens mekaar uitgespel word.

8.2. Die NG Kerk-gemeente maak deel uit van die beplanning en die byeenkoms wanneer die kerngemeente amptelik 'n NG Kerk vennootskap gemeente word.

8.3. Die ring en sinode van die NG Kerk word in kennis gestel wanneer 'n kerngemeente amptelik 'n NG Kerk vennootskap gemeente word.

## 9. 'n Kerngemeente as langtermynbediening van 'n gemeente

9.1. Wanneer lidmate van 'n kerngemeente besluit om as 'n langtermynbediening van 'n NG Kerk gemeente of 'n ring te funksioneer, word 'n skriftelike versoek tot die kerkraad of die ring gerig. Die versoekskrif sluit die volgende in:

9.1.1. 'n ondersoek na die lewensvatbaarheid van die kerngemeente;

9.1.2. moontlike plekke van aanbidding;

9.1.3. begroting en model wat die finansiële volhoubaarheid van die gemeente uiteensit;

9.1.4. voorstelle oor leierskorps vir die kerngemeente en die toerusting van leiers;

9.1.5. voorstelle oor voorgenome bedieningsmodelle van die kerngemeente;

9.1.6. die voorgestelde naam en grense van die kerngemeente; of indien die kerngemeente nie geografies saamgestel word nie, die bedieningsfokus van die kerngemeente.

9.2. Indien die ring instem dat 'n kerngemeente as 'n bediening van die ring funksioneer, identifiseer die ring 'n gemeente wat die kerngemeente namens die ring en met hulp van die ring onder hulle vlerk neem.

9.3. Indien die kerkraad instem om die kerngemeente as 'n bediening van die gemeente te huisves, word 'n ooreenkoms deur die betrokke partye voorberei waarin die aard, voorregte en verantwoordelikhede van die kerngemeente ten opsigte van die gemeente (of ook ring) uiteengesit word. Die ooreenkoms sluit onder andere die volgende in:

9.3.1. Die naam en grense van die kerngemeente; of indien die kerngemeente nie geografies saamgestel word nie, die bedieningsfokus van die kerngemeente.

9.3.2. Die bedieningsmodel van die kerngemeente;

9.3.3. Die leierspan van die kerngemeente en hulle verantwoordelikhede t.o.v. die kerngemeente en die gemeente of ring;

9.3.4. 'n Uiteensetting van sake waaroor die leierspan van die kerngemeente volle besluitnemingsreg het, en sake waarvoor die goedkeuring van die kerkraad vereis word.

9.3.5. Praktyk t.o.v. NG Kerk lidmaatskap: (Doop)kategese; belydenisaflegging; lidmaatregister en register van lede van die kerngemeente wat nie lidmate van die NG Kerk wil wees nie;

9.3.6. Beleid en praktyk van die viering van die sakramente;

9.3.7. Finansiële beleid en praktyk: Aard en omvang van finansiële ondersteuning deur die gemeente of ring; Finansiële bestuur en boekhouding;

9.3.8. Ooreenkomste t.o.v. die gebruik van die infrastruktuur en tegniese hulpmiddels van die gemeente.

9.4. Die kerkraad waaronder die kerngemeente as 'n bediening sal funksioneer, reël 'n byeenkoms vir die amptelike inwerkingstelling van die gesamentlike bediening. By die byeenkoms:

9.4.1. Stel die kerkraad die grense van die kerngemeente so duidelik moontlik vas en gee 'n noukeurige beskrywing van die grense van reeds bestaande gemeentes wat met die grense van die nuwe kerngemeente saamval. Indien die kerngemeente nie geografies saamgestel word nie, word die bedieningsfokus van die nuwe kerngemeente so duidelik moontlik bepaal.

9.4.2. Word die inhoud van die ooreenkoms tussen die kerngemeente en die gemeente of ring verduidelik en geteken.

12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

Die volgende besluite is saam met die bogenoemde besluit, steeds geldende besluite van die NG Kerk:

### Besluit 2023

1. Die Algemene Sinode 2023,

1.1 het kennis geneem van al die verslae, beskrywingspunte en gravamina oor die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslagverbintenisse. Hierdie stukke was vooraf in die agenda opgeneem en is aan die vergadering voorgelê;

1.2 het na aanleiding van hierdie dokumente opnuut 'n openhartige geloofsonderskeidende gesprek oor die 2019-besluit gevoer. Daar is onder andere in kleiner tafelgesprekke én in die groter vergadering na 'n verskeidenheid van standpunte geluister;

1.3 het onder die indruk gekom van verwarring, verwonding en vervreemding wat deur baie lidmate oor 'n lang tydperk in hierdie proses beleef is. Ons is opreg jammer dat dít gebeur het;

1.4 erken dat daar 'n diepe verdeeldheid hieroor in ons kerkverband bestaan. Dit belemmer ons meelewing met mekaar, ons getuienis oor die versoening in Christus, en ons vervulling van ons roeping; en

1.5 het óók bewus geword dat daar 'n opregte verlange in ons Kerk leef na groter eensgesindheid in ons getuienis en roeping nou, al ís ons in hierdie saak nie eenstemmig nie.

2. Die Algemene Sinode 2023 bevestig

2.1 dat ons voortgesette nadenke, gesprek en besluitneming oor menslike seksualiteit en selfdegeslagverbintenisse, ten diepste voortvloei uit ons belydenis oor die Skrif as Woord van God. Ons gebed is dat wanneer ons dit lees, ons deur God gelei sal word tot meer geduld met mekaar, 'n beter verstaan van sy boodskap aan ons, en 'n groter afhanklikheid van God; en

2.2 dat ons nadenke, gesprek en besluitneming oor selfdegeslagverbintenisse binne die raamwerk van ons Kerkorde én die grondwet en regstelsels van ons onderskeie lande geskied. Daarin word die beginsels van nie-diskriminasie, die waardigheid van alle mense en die vryheid van geloofsoortuiging en -assosiasie beskerm.

3. In die lig van bogenoemde, volstaan die Algemene Sinode 2023 daarom met die besluit van 2019, en beklemtoon ons:

3.1 dat die huwelik as 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou, 'n Godgegewe veilige ruimte is waarin die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom;

